
Duidelikheid oor

# Die Persoonlikheid van God



So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; **maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is** wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die HERE.

Jeremia 9:23, 24

# *Duidelikheid oor die Persoonlikheid van God*

*Lynnford Beachy*

*1 Kor 8:6  Tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus  deur wie alles is, en ons deur Hom.*

# INHOUD

Die Behoefte om God te Ken ........ 5
God as 'n Persoon ........ 6
Om God te Ken ........ 7
Die Grondslag van die Kerk ........ 10
Die Goddelikheid van Christus ........ 12
Probleme in aanbidding ........ 13
Die Eniggebore Seun van God ........ 14
Waarlik die Seun van God ........ 18
Gevolgtrekkings ........ 19
Die Enigste Ware God ........ 21
Weet Wie Ons Aanbid ........ 23
Die vermenging van Heidendom en Christenskap ........ 24
Onderskeiding tussen die Vader en die Seun ........ 26
Eienskappe van die Vader ........ 29
Titels van die Vader ........ 32
Gevolgtrekkings ........ 37
Die Heilige Gees van God ........ 40
Die Beloofde Trooster ........ 43
Iets Beters ........ 44
Christus is in Julle ........ 49
Wat is 'n Gees ........ 50
Twee Goddelike Persone ........ 52
Gevolgtrekkings ........ 57
Die Dood van die Seun van God ........ 58
Die Emosionele Stryd ........ 58

In die Tuin van Getsémané ........................................ 59
Was Jesus Almagtig terwyl Hy hier was? ........................................ 61
Was Jesus Onsterflik terwyl Hy hier was? ........................................ 62
Die Volledigheid van Christus se Dood ........................................ 63
Het Jesus alles geweet terwyl Hy hier was? ........................................ 64
Is die Afgestorwenes werklik Dood? ........................................ 66
Wat van die Gees van die Mens? ........................................ 67
Die Eerste en Tweede Dood ........................................ 69
Die Dood van die Seun van God ........................................ 70
Christus het waarlik gesterf ........................................ 72
Wat van 1 Petrus 3:18-20? ........................................ 74
Die Groot Opoffering van Christus ........................................ 75
Christus se Vermoë om ons te Red ........................................ 75
Slotwoord ........................................ 76

Hoofstuk 1

# Die Behoefte om God te Ken

Sedert die skepping van hierdie wêreld het God daarna gestreef om gemeenskap met die mensdom te hê. Hy het daagliks met Adam en Eva in die tuin van Eden gesels. Ongelukkig het die rykdom van hierdie gemeenskap verlore gegaan toe Adam en Eva van die verbode vrugte geëet het; tog het God voortgegaan om hulle op te soek. God se verlange na gemeenskap met die skepsels wat na Sy eie beeld gemaak is, het nie verdwyn nie. Hy is baie lief vir ons en wil voortdurend gemeenskap met ons hê. Hy het sy eniggebore Seun gestuur om vir ons sondes te sterf, sodat ons met Hom versoen kan word en herstel kan word tot die innigheid van die gemeenskap wat Hy met die mensdom gehad het voordat hulle in sonde verval het.

Om gemeenskap met Homself te herstel, het God Sy karakter-eienskappe in Sy woord, die Bybel, geopenbaar sodat die mensdom Hom kan ken en liefhê. 'n Kennis van God is die belangrikste kennis wat ons kan hê. God het gesê: "So sê die Here: Laat die wyse nie roem in sy wysheid nie, en laat die sterke nie roem in sy krag nie, laat die ryk man nie roem op sy rykdom nie; maar laat hom wat roem hierin roem, verstaan en ken My dat Ek die Here is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen, want hierin het Ek 'n welbehae, spreek die Here." (Jeremia 9:23, 24).

Die een ding waarin ons maar kan roem, is dat ons God verstaan en ken, en spesifiek Sy karakter van liefde. Ons kan tog nie alles van God verstaan en ken nie, tog moet ons verstaan en weet wat Hy oor Homself in die Bybel geopenbaar het. Hierdie kennis is die belangrikste inligting wat die mens kan verkry.

Kan jy werklik sê dat jy God ken en verstaan as jy dink Hy is 'n samestelling van gode soos die Hindus glo? Beslis nie! In Indië is daar tempels op byna elke straathoek wat aan Hindu-gode gewy is. Hulle aanbid ape, koeie, olifante, poue, driekop-beelde en sesarm-standbeelde, ens. Hulle is verward oor wie God regtig is, en hierdie verwarring weerhou hulle van 'n innige gemeenskap met Hom.

Om God te verstaan en te ken, moet jy eers 'n basiese begrip hê van wie God is. Jy moet iets verstaan van Sy identiteit en eienskappe voordat jy die

volgende stap kan neem om Hom persoonlik te ken en om ’n verhouding met Hom op te bou.

Om 'n basiese kennis van God se identiteit en karakter te hê, is nie genoeg as jy nie die volgende stap neem deur 'n verhouding met God te vestig nie. Selfs die duiwels het 'n basiese kennis oor God, maar hulle weier om hulself aan God se beheer te onderwerp. Jakobus het aan Sy Joodse broers geskryf: “Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder.” (Jakobus 2:19). Dit is goed om 'n basiese kennis van God te hê, maar dit is nie al nie. 'n Kennis van God, ongeag hoe korrek dit is, sal jou nie beter maak as die duiwels nie, tensy jy Hom uitnooi om in jou hart te lewe en jou lewe te onderwerp om gevorm te word deur Sy suiwer karakter.

## *God as ‘n Persoon*

Is God ‘n persoon? Is Hy bloot net ‘n ding of 'n komitee? Wie is God? Dit is belangrike vrae om te beantwoord en enigiemand wat God ken en verstaan, behoort dit gemaklik te beantwoord. Dit is basiese kennis oor God. Verbasend genoeg is baie Christene stomgeslaan deur hierdie vrae omdat hulle geleer is dat God 'n spookagtige, geheimsinnige damp is wat die hele natuur deurdring.

Daniël het 'n visioen ontvang wat ons help om God te verstaan. Hy het geskryf: “Ek het bly kyk totdat trone reggesit is [letterlik: 'opgestel'], en ‘n Oue van dae gaan sit het; sy kleed was wit soos sneeu en die hare van sy hoof soos skoon wol; sy troon was vuurvlamme, die wiele daarvan ‘n brandende vuur” (Daniël 7:9).

Iemand wat “die Oue van dae” genoem word, wat 'n wit kleed dra en wit hare het, neem plaas op 'n troon. Kort daarna word die “Seun van ‘n mens” (vers 13) voor Hom gebring. Die Oue van dae moet God, die Vader wees. Volgens die Bybel is ons hemelse Vader 'n ware Persoon.

Johannes is 'n visioen van dieselfde gebeurtenis gegee en hy sê, “En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, ’n boek gesien, van binne en van buite beskrywe en met sewe seëls goed verseël.” (Openbaring 5:1). Kort nadat Johannes dit gesien het, nader Jesus Christus die troon en neem die boek uit Sy Vader se hand. Weereens vind ons dat God 'n ware Persoon is wat op 'n troon sit en 'n boek in Sy regterhand het.

God moet ’n ware Persoon wees, want Jesus het gesê: “Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien” (Matthéüs 5:8). Op 'n ander plek het Jesus 'n waarskuwing gegee: “Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies

verag nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd die aangesig sien van my Vader wat in die hemele is.” (Matthéüs 18:10).

Ons kan verwag dat God 'n ware Persoon is, want ons is na Sy beeld en gelykenis geskape (Génesis 1:26). Wanneer ons in die hemel kom, sal ons vind dat ons soos God lyk. Ons sal nie ’n driekoppige monster met ses arms of enige ander soortgelyke vreemde ding kry nie. God se uiterlike vorm is baie soos ons eie. Dit is die Bybelse beskrywing van hoe God is. Hy is werklik 'n Persoon.

Die skrywer van Hebreërs sê: “Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het. Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte.” (Hebreërs) 1:1-3).

Hier sien ons dat Jesus Christus die afdruksel van God se Wese is. Daarom moet God 'n persoon of ‘n wese wees, en Jesus Christus is ook 'n werklike Persoon.

Paulus het dit bevestig toe Hy geskryf het: “Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie.” (Filippense 2:5-6). Die Griekse woord wat met “gestalte” vertaal is, beteken “die vorm van 'n persoon of ding wat gesien word, uiterlike voorkoms” (*Thayer's Greek Lexicon*). God het 'n uiterlike voorkoms, en Sy Seun, Jesus Christus, het ‘n soortgelyke voorkoms.

## *Om God te Ken*

In sy slotgebed tot sy Vader, na die laaste avondmaal, het Jesus gesê: “En dit is die ewige lewe, dat hulle U kan ken, die enigste ware God, en Jesus Christus wat U gestuur het” (Johannes 17:3). Jesus het geopenbaar dat die ewige lewe bepaal word deur ‘n kennis van beide die enigste ware God en Jesus Christus Sy Seun.

Wat beteken dit om die Vader en die Seun te ken? Ken Satan God en Sy Seun op die manier waaarvan Jesus gepraat het? Beslis nie! As dit so was, sou hy ook die ewige lewe hê, maar ons weet dat Satan tot 'n einde sal kom. Die Bybel sê dat hy tot as sal verbrand (Esegiël 28:13-19). Om God te ken is meer

as om bloot van God te weet. Ons moet Hom op 'n persoonlike vlak ken. Om God te ken is om God lief te hê (1 Johannes 4:7,8). En dit begin met die kennis van Sy liefde vir ons (1 Johannes 4:19).

In die bekendste vers van die Bybel het Jesus gesê: “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.” (Johannes 3:16). Toe Jesus gesê het God “het die wêreld so lief,” het Hy aangedui hoe lief God jou het, Hy het jou so lief dat Hy iets vir jou gedoen het—Hy het Sy liefde vir jou gedemonstreer deur Sy kosbaarste besitting, Sy eniggebore Seun, te gee.

As God die wêreld so liefgehad het dat Hy 'n bok gegee het, kon ek en jy God se liefde vir ons ernstig bevraagteken, want 'n bok sou 'n byna niksseggende geskenk vir God wees om prys te gee, aangesien dit iets is wat Hy geskep het. As God die wêreld so liefgehad het dat Hy 'n mens gegee het, wat sou ons dan dink? Dit is 'n bietjie beter as 'n bok, maar dit is steeds 'n klein geskenk omdat mense ook geskape wesens is. Wat as God die wêreld so liefgehad het dat Hy 'n engel gegee het? Dit is 'n beter geskenk as 'n mens, maar dit skiet steeds ver te kort om te demonstreer hoe lief God ons het. Dink mooi, ons begrip van God se liefde hang af van die waarde van die gawe wat Hy vir ons prysgegee het. Hoe waardevoller die gawe wat Hy gegee het, hoe beter kan ons Sy liefde vir ons insien.

God het sy eniggebore Seun gegee. Hy het ander skepsels wat “seuns” genoem word, maar Hy het net een eniggebore Seun. Ons kan “seuns van God” wees deur aanneming (Romeine 8:14), engele is “seuns van God” deur die skepping (Job 1:6; 2:1), maar Jesus Christus is die eniggebore Seun van God. Wat Jesus Christus van al die ander in die heelal onderskei, dit waardeur ons God se liefde vir ons sien, is die feit dat Hy gebore is. Dit plaas Hom in die innigste moontlike verhouding met God.

God weet, uit eerstehandse ondervinding, wat die waardevolste besitting is wat 'n mens kan hê. Hy weet dat niks vir 'n mens meer werd is as 'n kind vir wie hulle lief is nie. Dit is juis hier waar God Abraham se liefde en lojaliteit getoets het toe Hy hom gevra het om sy geliefde seun, Isak, te offer (Génesis 22:1-12). Abraham se gewilligheid om God se opdrag te gehoorsaam, het bewys dat hy God met sy hele hart liefgehad het. Dit het bewys dat hy bereid is om alles wat hy gehad het ter wille van God prys te gee.

Dit geld ook vir God. Toe Hy sy eniggebore Seun prysgegee het, het dit bewys dat Hy bereid is om alles wat Hy gehad het, prys te gee, om enige hoeveelheid pyn te ly en enige swaarkry te verduur om diegene te red vir wie Hy lief is. Dit is wat Paulus bedoel het toe hy gesê het: "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?" (Romeine 8:32).

Johannes het geskryf: "Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?" (1 Johannes 5:5). Johannes het beklemtoon hoe belangrik dit is om te glo dat Jesus die Seun van God is. Sonder hierdie geloof kan ons nie die wêreld oorwin nie. Hoekom is dit so belangrik om te glo dat Jesus die Seun van God is? Is dit nie goed genoeg indien ons glo dat Jesus Christus die vriend van God is nie? Indien ons dink dat Jesus die neef van God is, of Sy oom, sou dit 'n verskil maak in ons vermoë om die wêreld te oorwin?

Gestel ek het vir jou gesê: "Ek is so lief vir jou, ek gaan my vriend, Frans, stuur om vir jou te sterf." Wat sal deur jou gedagtes gaan? Jy sal dalk wonder, as jy so lief is vir my, hoekom het jy nie self vir my kom sterf in plaas daarvan om 'n vriend te stuur om dit te doen nie? Maar as ek sê: "Ek is so lief vir jou, ek gaan my seun stuur om vir jou te sterf," sou jy weet dat my liefde werklik is.

Vriende, God bedoel regtig wat Hy sê. Hy sê dat Hy sy eniggebore Seun gegee het. As Jesus Christus nie die eniggebore Seun van God was voordat God Hom na die wêreld gestuur het nie, wat het die Vader dan prysgegee? Baie opregte Christene glo dat Jesus Christus 'n presies gelyke, 'n metgesel van die Vader van dieselfde ouderdom is. As dit waar was, dan was dit maar net 'n vriend, 'n metgesel, wat die Vader prysgegee het! As dit waar was, dan is Christus die Een wat ons die meeste liefhet, want Hy is die Een wat gewilliglik vir ons gesterf het.

Dit is waar dat Jesus Christus ons baie lief het, en ons loof en dank Hom vir daardie liefde. Die Bybel leer egter dat God, die Vader, geweldig gely het terwyl sy Seun gely het onder die gewig van ons sondes. (Vergelyk Psalm 18:5-12 met Matthéüs 27:45-51.) In Abraham en Isak se verhaal was dit duidelik dat die vader, Abraham, meer gely het as Isak toe hy sy geliefde seun prysgegee het. Jesus het gesê: "Die Vader self het julle lief" (Johannes 16:27). Johannes het geskryf: "Kyk, watter liefde het die Vader aan ons bewys" (1 Johannes 3:1). Ons kan nie die liefde van die Vader aanskou as ons nie weet wat Hy vir ons prysgegee het nie. Johannes het geskryf: "Hierin is die

liefde van God tot ons geopenbaar, dat God sy eniggebore Seun in die wêreld gestuur het, sodat ons deur Hom kan lewe.” (1 Johannes 4:9). God het 'n eniggebore Seun wat Hy gewilliglik prysgegee het, sodat jy van jou sondes vergewe kan word en vir ewig kan lewe. Loof die HERE vir sulke wonderlike liefde!

Ons liefde vir God hou direk verband met hoe ons Sy liefde vir ons waarneem. Dit is hoekom Johannes beklemtoon het dat ons moet glo dat Jesus die Seun van God is om die wêreld te kan oorwin. As jy glo dat Jesus die vriend van God is, of Sy neef, oom of enigiemand anders as die Seun van God, word jou persepsie van God se liefde verminder. In verhouding tot hoeveel jou persepsie van God se liefde verminder word, word jou vermoë om God in ruil daarvoor lief te hê, verminder.

Om te glo dat Jesus die eniggebore Seun van God is, stel ons in staat om die wêreld te oorwin deur ons persepsie van God se liefde te verhoog en ons in staat te stel om Hom met ons hele harte lief te hê. Johannes het verduidelik: “Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het” (1 Johannes 4:19).

## *Die Grondslag van die Kerk*

Die feit dat Jesus die Seun van God is, is so belangrik dat Jesus gesê het dat Sy kerk op hierdie waarheid gegrondves is.

Eendag het Jesus vir Sy dissipels gevra: “Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? En hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elía, en ander Jeremia of een van die profete. Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.” (Matthéüs 16:13-18).

Let op dat die identiteit van Jesus die onderwerp van hierdie gesprek was. Toe Jesus gesê het “op hierdie rots sal Ek my kerk bou,” het Hy nie na Petrus as die rots verwys nie, maar na die feit dat Jesus die Seun van God is. Jesus het aangedui dat Hy op hierdie waarheid sy kerk sal bou. Dit is natuurlik 'n baie belangrike waarheid, dit is die waarheid waarop God se kerk gebou is.

Die feit dat Jesus Christus die Seun van God is, is so belangrik dat Johannes aan die einde van sy evangelie aangedui het: “Nog baie ander tekens

het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.” (Johannes 20:30, 31).

Die apostel Petrus, wat saam met Jesus geleef het en Sy boodskappe eerstehands gehoor het, insluitend al die dinge wat Hy gesê het wat nie opgeteken is nie, het uitgeroep: “En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God.” (Johannes 6: 69). Christus se dissipels het ook uitgeroep: “Daarom glo ons dat U van God uitgegaan het.” (Johannes 16:30).

Net nadat Paulus die evangelie direk van Christus self ontvang het, “het hy dadelik Christus in die sinagoges verkondig, dat Hy die Seun van God is.” (Handelinge 9:20).

Net nadat Filippus die evangelie aan die hofdienaar verkondig het, het hy gesê: “As u glo met u hele hart, is dit geoorloof [om gedoop te word]. En hy antwoord en sê: Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.” (Handelinge 8:37).

Marta, ’n goeie vriendin van Jesus, wat baie van sy leringe gehoor het, het vir Hom gesê: “Ja, Here, ek glo dat U die Christus is, die Seun van God, wat in die wêreld sou kom.” (Johannes 11:27).

Nataniël, van wie Christus gesê het “in wie daar geen bedrog is nie,” het vir Jesus gesê: “Rabbi, U is die Seun van God, U is die Koning van Israel!” (Johannes 1:48, 50).

Christus het gesê, “Onder die wat uit vroue gebore is, is daar geen profeet groter as Johannes die Doper nie” (Lukas 7:28). Johannes die Doper het getuig: “En ek het gesien en getuig dat Hy die Seun van God is.” (Johannes 1:34).

Die grootste getuienis kom van God die Vader self. Hy het twee maal self uit die hemel gespreek en gesê: “Dit is my geliefde Seun” (Matthéüs 3:17 en 17:5). Ons weet ook dat God nie kan lieg nie. (Titus 1:2).

Ek staan in my oortuiging dat ek my standpunt kan inneem saam met die getroue en ware getuies van die Bybel wat Jesus Christus as die ware Seun van God verkondig. Dit is ‘n allerbelangrike waarheid wat ons moet glo voordat ons werklik die dieptes van die liefde van God kan ken. (Efésiërs 3:16-19).

## *Die Goddelikheid van Christus*

Een unieke eienskap van enige godheid is dat goddelike wesens aanbiddingswaardig is. Indien jy enigiemand behalwe God aanbid, kom jy gevaarlik naby ‘n sondige leefstyl. Daar is 'n paar verhale in die Bybel wat vertel van mense wat onwetend probeer het om die dienaars van God te aanbid. Let op die reaksie wat gegee is oral waar dit gebeur het: “Toe Petrus dan binnekom, het Cornelius hom tegemoetgegaan en aan sy voete neergeval en hom hulde bewys. Maar Petrus het hom opgerig en gesê: Staan op, ek is self ook maar ‘n mens.” ( Handelinge 10:25, 26 ). Dit is die korrekte reaksie by die mense van God.

Johannes het by twee geleenthede probeer om 'n engel te aanbid. Hy het geskryf: “En dit is ek, Johannes, wat dit gesien en gehoor het; en toe ek dit gehoor en gesien het, het ek neergeval om te aanbid voor die voete van die engel wat my hierdie dinge getoon het. Toe sê hy vir my: Moenie! want ek is ‘n mededienskneg van jou en van jou broeders, die profete, en van hulle wat die woorde van hierdie boek bewaar. Aanbid God.” (Openbaring 22:8, 9). Ons sien uit hierdie voorbeelde dat God se getroue dienaars, hetsy mense of engele, weier om aanbidding van enigiemand te ontvang.

Josua 5 vertel die verhaal van iemand wat aanbidding ontvang het. Dit sê: “En terwyl Josua by Jérigo was, slaan hy sy oë op en kyk, en daar staan ‘n man teenoor hom met ‘n ontblote swaard in sy hand; en Josua het na hom gegaan en hom gevra: Behoort U by ons of by ons vyande? En Hy sê: Nee, maar Ek is die leërowerste van die HERE; Ek het nou gekom. Toe val Josua met sy aangesig op die grond en buig hom neer en vra Hom: Wat wil my Here aan sy dienskneg sê? Toe sê die leërowerste van die HERE vir Josua: Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilig. En Josua het so gedoen.” (Josua 5:13-15).

Josua het iemand teëgekom wat Homself geïdentifiseer het as “die leërowerste van die HERE.” Hierdie persoon was nie die Here self nie, maar eerder sy aanvoerder. En toe Josua gebuig het om Hom te aanbid, het hierdie Kaptein Hom nie net aanbidding toegestaan nie, maar Josua beveel om sy skoene uit te trek, want hy het op heilige grond gestaan. Joshua is meegedeel dat hy nie effektief aanbid nie, maar dat hy meer respek moes toon. Die enigste ander keer in die Bybel wat iemand gevra is om hul skoene uit te trek omdat hulle op heilige grond was, was toe Moses voor die brandende doringbos was.

Wie was dus hierdie wonderlike wese wat aan Josua verskyn het? Hy was nie God, die Vader nie, want "Niemand het ooit God gesien nie" (Johannes 1:18). Hy het Homself geïdentifiseer as die owerste van die Here se leër, eerder as die Here self. Die feit dat hierdie aanbidding toegelaat word, en selfs meer aanbidding vereis het, bewys dat Hy nie 'n engel kon wees nie, ook nie 'n blote mens nie. Verder word gesê dat hierdie persoon die owerste van die engele van die Here is. Jesus is die bevelvoerder van die engele (Matthéüs 13:41). Die enigste persoon wat dit kon wees, is Jesus Christus, die Seun van God. Hy is waardig om aanbid te word. Selfs God die Vader het Sy engele beveel om Sy Seun te aanbid. "Wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid." (Hebreërs 1:6). Jesus het gesê: "Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie." (Johannes 5:22, 23). Ons word beveel om die Seun te eer en te aanbid.

## *Probleme in aanbidding*

Jesus het 'n belangrike beginsel oor aanbidding gestel toe Hy vir 'n Samaritaanse vrou gesê het, "die ware aanbidders [sal] die Vader in gees en waarheid … aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. " (Johannes 4:23). Dit is belangrik dat ons God reg aanbid.

Een belangrike aspek van aanbidding is lofprysing. Dwarsdeur die Bybel is daar baie voorbeelde van mense wat God aanbid, gepaardgaande met woorde van lof en verheffing. Johannes het byvoorbeeld aangedui hoe aanbidding in die hemel uitgevoer word: "Toe sien ek, en ek hoor 'n stem van baie engele rondom die troon en van die lewende wesens en die ouderlinge; en hulle getal was tien duisende van tien duisende en duisende van duisende; en met 'n groot stem het hulle gesê: Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid en lof. En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! " (Openbaring 5:11-13).

Hier word beskryf hoe die ware aanbidders in die hemel die Lam loof deur te sê dat Hy geslag is en waardig is om krag, rykdom, wysheid, ens. te ontvang. Let op die duidelike onderskeid wat hierdie aanbidders tussen die Vader en die Seun maak. Hulle bring nie lof aan die Een wat op die troon sit

deur te sê dat Hy geslag of gesterf het nie. Hulle sê ook nie dat die Een wat op die troon sit, rykdom ontvang het nie. Hierdie tipe aanbidding sou nie ware aanbidding wees nie, want dit sou nie "in waarheid" wees nie. Tog skryf hulle aan Christus, die Lam, lof toe vir Sy dood, en verklaar dat Hy waardig is om rykdom te ontvang, iets wat die Vader nie kon ontvang nie, want Hy besit dit alreeds. Die Vader het gesê dat Hy Sy Seun "aangestel" het om "erfgenaam van alle dinge" te wees. 'n Erfgenaam ontvang goed van iemand anders. Jesus het getuig: "Ek het van my Vader ontvang" (Openbaring 2:27). Dit sou onbehoorlik en onwaar wees om te beweer dat die Vader rykdom van iemand anders ontvang het.

In 'n begeerte om eer en respek aan Jesus te betoon, het baie mense so ver gegaan om Hom ten koste van die Vader te aanbid. Hulle liedere en lofprysings is gevul met verwarrende terminologie, soos "Ons dank U, Allerhoogste, dat U neergedaal het om vir ons te sterf," of "die onsterflike God het vir ons sondes gesterf," of soortgelyke stellings wat die onderskeid tussen die Vader en Sy Seun vervaag. Ons moet die Seun as die Seun van God aanbid, nie as "die Allerhoogste God" nie. Let op hoe die dissipels Jesus aanbid het: "Toe kom die wat in die skuit was, en val voor Hom neer en sê: Waarlik, U is die Seun van God!" (Matthéüs 14:33). Sy dissipels was nie verward oor Sy identiteit nie, en hulle aanbidding het ook nie verwarrende en teenstrydige stellings oor Sy identiteit ingesluit nie. Hulle het dit duidelik gestel dat Jesus die Seun van God is.

Daar is 'n aansienlike aantal gesange wat onwaar stellings oor die Vader en Seun bevat. Soms herhaal ons hierdie woorde sonder om te besef dat ons nie die waarheid praat nie. Daar was al verskeie kere wat ek besig was om gesange te sing wanneer ek myself moet keer om die woorde uit te spreek, want ek weet dit is nie waar nie. Ons moet daarteen waak om God of Christus op 'n manier te aanbid wat op onwaarhede gebaseer is.

## *Die Eniggebore Seun van God*

Jesus het verkondig: "Ek het gesê: Ek is die Seun van God?" (Johannes 10:36). Hy het gesê dat Hy "die eniggebore Seun van God" is (Johannes 3:18). Die woord eniggebore beteken letterlik gebore. Jesus het gesê: "Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê." (Joh. 5:26). Volgens Sy eie getuienis is Jesus werklik die eniggebore Seun van God en het letterlik lewe van Sy Vader ontvang.

Paulus het oor Christus verduidelik: “Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping” (Kolossense 1:15). Notas uit *Barnes New Testament* sê, “die woord eersgeborene - pro-tot-ok'-os - beteken die eersgebore kind van 'n vader of moeder.” *Jamieson, Fausset, Brown Commentary* sê: “Verwek (letterlik, 'gebore') voor elke skepsel.” *Thayer’s Greek Lexicon* sê, “Christus word Eersgeborene van die hele skepping genoem, omdat Hy deur God tot stand gekom het voor die ganse heelal van geskape dinge.”

Jesus Christus word die “beeld van God”, “die beeld van die onsigbare God” en “die afdruksel van sy wese” genoem (2 Korintiërs 4:4; Kolossense 1:15; Hebreërs 1:3). 'n Beeld is nooit die oorspronklike nie, maar altyd 'n gelykenis of duplisering van die oorspronklike. Christus is die Seun van God en daarom die afdruksel van Sy Vader. Dit sou verkeerd wees om te sê dat die Vader die beeld van sy Seun is omdat die Vader die oorspronklike is. Net so sou dit verkeerd wees om na Christus te verwys as die ware God, of die oorspronklike, aangesien Hy die beeld van die ware God is.

Miga het van Jesus geskryf: “En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat ‘n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange [oorsprong] is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.” (Miga 5:1). Die *Revised Standard Version* vertaal dit (oorvertaal na Afrikaans): “Wie se oorsprong is van ouds af, uit antieke dae.” Die oorsprong van die Seun van God was in die dae van die ewigheid. Hy is verwek voordat enigiets geskep is, selfs voor tyd soos ons dit ken, in die dae van ewigheid.

Die eerste vers van Spreuke agt dui aan dat wysheid praat. Wie is wysheid? Vers 8 sê vir ons dat Hy 'n mond het en praat, en vers 17 sê dat Hy liefhet. Paulus het geskryf: “Waar vir die wat geroep is, Jode sowel as Grieke: Christus, die krag van God en die wysheid van God.” (1 Korinthiërs 1:24). “Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.” (1 Korinthiërs 1:30). Christus is Wysheid, en praat in Spreuke hoofstuk agt.

Hy sê: “Toe daar nog geen wêreldvloede was nie, is ek gebore; toe fonteine, swaar van water, nog nie daar was nie; voordat die berge ingesink het, voor die heuwels is ek gebore;” (Spreuke 8:24, 25). Die *Nuwe Lewende Vertaling* sê: “Ek is voor die tyd al gevorm, heel aan die begin, voor die aarde daar was. Ek is gebore toe die diep waters nog nie eers daar was nie, toe die fonteine nog nie water gegee het nie.”

Die Hebreeuse woord לוח, wat in die Afrikaanse Ou Vertaling met "Ek is gebore" vertaal is, is 'n werkwoord. (Die Nuwe Afrikaanse Vertaling 1983 gebruik die woorde "Ek het gekom.") Hebreeuse werkwoorde kom in baie verskillende vorme voor. In die Ou Testament word hierdie spesifieke werkwoord in ses verskillende vorme gebruik. Hulle is *Qal, Polel, Pulal, Hophal, Hitpolel* en *Hithpalpel*. Afhangende van watter vorm van die werkwoord gebruik word, kan die betekenis van die woord heeltemal verskil. Byvoorbeeld, wanneer hierdie Hebreeuse werkwoord לוח in die Qal-vorm gebruik word, beteken dit "om te dans, om te draai, te wriemel, om te dwarrel" (*Brown-Driver-Brigg's Hebreeuse Lexicon*). Dit is duidelik uit die konteks dat hierdie definisie nie sal geld in Spreuke 8:24,25 nie, en dit kan nie van toepassing wees nie omdat die Hebreeuse woord לוח in hierdie verse in die *Pulal*-vorm gebruik word. Die definisie vir die *Pulal*-vorm is die enigste definisie wat hier van toepassing kan wees. Hierdie definisie is soos volg: "om te wriemel, om te dra/verdra, om voort te bring" (*Brown-Driver-Brigg's Hebrew Lexicon*). Hierdie werkwoord word in hierdie vorm net op drie plekke in die Bybel gebruik, en hier is die ander twee plekke waar dit gebruik word: "Is jy die eerste as mens gebore en voor die heuwels in die wêreld gebring? [Hebreeus: לוח in die *Pulal*-vorm]?" (Job 15:7). "Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore [Hebreeus: לוח in die *Pulal*-vorm], en in sonde het my moeder my ontvang." (Psalm 51:7). Soos ons duidelik kan sien, kan die term "gebore" in Spreuke 8:24,25 niks anders beteken as om verwek of gebore te word nie.

Laat ons kyk na die res van die verse in Spreuke 8 om meer te leer omtrent die eienskappe van Wysheid.

"Toe Hy die aarde en die velde en al die stoffies van die wêreld nog nie gemaak het nie. Toe Hy die hemele berei het, was ek daar; toe Hy 'n kring afgetrek het op die oppervlakte van die wêreldvloed; toe Hy die wolke daarbo bevestig het, toe die bronne van die wêreldvloed sterk geword het; toe Hy vir die see sy grens gestel het, dat die waters sy bevel nie sou oortree nie; toe Hy die fondamente van die aarde vasgelê het—toe was ek 'n kunstenaar naas Hom (*AFR20: was ek 'n lieflingskind aan sy sy)*, en ek was dag vir dag vol verlustiging en het gespeel voor sy aangesig altyd, het gespeel op sy wêreldrond, en my verlustiginge was met die mensekinders. Luister dan nou na my, seuns; want gelukkig is hulle wat my weë bewaar. Luister na tug en word wys, en verwerp dit nie. Gelukkig is die mens wat na my luister, om dag vir dag te waak aan my deure, by die syposte van my poorte die wag te hou. Want hy wat my vind, het die lewe gevind en verkry 'n welbehae van die

HERE. Maar hy wat my mis, benadeel sy eie lewe; almal wat my haat, het die dood lief.” Spreuke 8:26-36.

Die spreker sê hier dat Hy by die Here ‘n lieflingskind aan sy sy was, dat hy daagliks voor Sy aangesig gespeel het en vol verlustiging was. Hierdie is 'n ware Persoon. Hy sê dan: “hy wat my vind, het die lewe gevind.” (vers 35). Johannes het geskryf: “Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.” (1 Johannes 5:12). Jesus Christus is die een wat oor Homself praat in Spreuke 8. Hy is waarlik die Seun van God, net soos Johannes geskryf het, “die Here Jesus Christus, die Seun van die Vader, in waarheid en liefde” (2 Johannes 1:3).

Die terme Vader en Seun dui per definisie op die bestaan van die een voor die ander. Dit was die sienswyse van die Israeliete. In die boek Spreuke lees ons: “Wie het na die hemel opgeklim en neergedaal? Wie het die wind in sy vuiste versamel? Wie het die waters in ‘n kleed saamgebind? Wie het al die eindes van die aarde vasgestel? Hoe is sy Naam? En hoe is die Naam van sy Seun—as jy dit weet? ” (Spreuke 30:4).

Sommige mense het verkeerdelik tot die gevolgtrekking gekom dat God die terme “Vader” en “Seun” gebruik om 'n goddelike verhouding (nie Vader en Seun nie) aan ons, met ons swak begrip, oor te dra, iets wat hulle onmoontlik in ons taal kon verduidelik. Om tot hierdie gevolgtrekking te kom, sal jy moet aanvaar dat God maar net op hierdie vreemde tipe wesens afgekom het, wat 'n vreemde taal en manier van voortplanting het, en toe gesukkel het om Homself aan hierdie vreemde wesens te verduidelik. Jy sal dan geensins in ag kan neem dat God ons taal geskep het en ons manier van voortplanting ontwerp het, nadat Hy reeds 'n Seun gehad het. God het ons ontwerp met die vermoë om 'n seun te hê; dus het Hy oor Jesus uitgeroep, “Dit is my geliefde Seun ...” (Matthéüs 3:17; 17:5). God bedoel wat Hy sê, ook as Hy verwys na ons menslike vader-en-seun-verhoudings wat Hy self na Sy eie beeld ontwerp het.

Volgens die Bybel is Jesus Christus verwek, wat letterlik *gebore* beteken, voordat enigiets geskep is – lank voordat God Hom na die wêreld gestuur het. (Sien Hebreërs 1:1-9; Kolossense 1:15; Johannes 3:16,17; 18:37; en 1 Johannes 4:9.) Hoe Hy verwek is, is nie vir ons om te verstaan nie, maar God wil hê ons moet besef dat Hy en sy Seun 'n hegte, werklike vader-seun-verhouding het wat nie net 'n rolverdeling is nie.

## *Waarlik die Seun van God*

Om te ontken dat Jesus waarlik die Seun van God is, is antichristelik omdat dit die hoeksteen van die evangelie ontken. Die goeie nuus dat God ons lief genoeg het om Sy Seun te stuur om vir ons te sterf, is betekenisloos as ons ontken dat Jesus die Seun van God is.

Jesus het gesê: "Ek en die Vader is een" (Johannes 10:30). Dit het verwarring veroorsaak, sodat baie mense dink dat Jesus die Vader is, of aan Hom verbind is op 'n manier wat die Vader en Seun 'n saamgestelde wese maak. Tog hoef hierdie foutiewe gevolgtrekking nie gemaak te word nie. Die konteks klaar die verwarring op. Jesus het gesê: "Ek en die Vader is een. Die Jode het toe weer klippe opgetel om Hom te stenig. Jesus antwoord hulle: Baie goeie werke het Ek julle getoon van my Vader. Oor watter een van dié werke stenig julle My? Die Jode antwoord Hom en sê: Dit is nie oor 'n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering, en omdat U wat 'n mens is, Uself God maak. Jesus antwoord hulle: Is daar nie in julle wet geskrywe: Ek het gesê, julle is gode nie? As dit húlle gode noem tot wie die woord van God gekom het, en die Skrif nie gebreek kan word nie, sê julle vir Hom wat die Vader geheilig en in die wêreld gestuur het: U spreek godslasterlik—omdat Ek gesê het: Ek is die Seun van God?" (Johannes 10:30-36). Jesus het die aanklag ontken dat hy beweer dat hy God is, en daarop gewys dat Sy aanspraak bloot was om die Seun van God te wees.

Die Jode het klaarblyklik Sy woorde verstaan, want toe Hy uiteindelik vir godslastering aangekla en ter dood veroordeel is, was die beskuldiging dat Hy *beweer* het dat Hy die Seun van God is.

Die Bybel vertel wat gebeur het toe Jesus voor Kajafas gebring is: "Jesus het stilgebly. En die hoëpriester antwoord en sê vir Hom: Ek besweer U by die lewende God dat U vir ons sê of U die Christus, die Seun van God, is?" (Matthéüs 26:63). Lukas se verslag sê: "En hulle sê almal: Is U dan die Seun van God? En Hy antwoord hulle: U sê dat Ek dit is. Daarop sê hulle: Wat het ons nog getuienis nodig! Want ons het dit self uit sy mond gehoor." ( Lukas 22:70, 71 ). Hierna is Jesus voor Pilatus gebring, en toe Pilatus sê hy kan geen fout by Hom vind nie, was die Jode se antwoord: "Ons het 'n wet en volgens ons wet moet Hy sterf, omdat Hy Homself die Seun van God gemaak het." (Johannes 19:7).

Die koggelende skare rondom die kruis van Christus, het gesê: "Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou verlos as Hy behae in Hom het; want Hy het gesê: Ek is die Seun van God." (Matthéüs 27:43). Natuurlik sou diegene wat

Hom ter dood veroordeel het die sterkste beskuldigings teen Christus bring. Hulle het almal gesê Sy bewering was dat Hy die Seun van God is. Dit is presies wie Jesus gesê het Hy is (Matthéüs 26:63, 64; Lukas 22:70,71).

## Gevolgtrekkings

Sommige mense dink dat dit nie moontlik is dat God ‘n eniggebore Seun kan hê nie. Tog sê Jesus, “By God is alle dinge moontlik.” (Markus 10:27).

Die Bybel verwys ten minste 120 keer na Christus as die Seun van God. Die Bybel doen dit deur die frase “Seun van God” ses-en-veertig keer te gebruik (Afrikaanse Ou Vertaling). Wat die egtheid van Christus se Seunskap betref, word Hy vier keer die “eniggebore Seun” genoem, een keer “die eniggeborene”, vier keer “die eersgeborene” en twee keer God se “heilige Kind” (Afrikaanse Ou Vertaling, 1953). Vier verse sê Hy is “verwek” voor Sy menswording. Vier verse sê dat Hy “uit God uitgegaan en gekom”, of “van God uitgegaan het.” Die bewyse oor hierdie onderwerp is legio. Christus is waarlik die letterlike gebore Seun van God, voortgebring uit die Vader voor die hele skepping. As God van ons verwag het om enigiets anders te glo, gee Hy ongelukkkig ‘n swak beskrywing daarvan in die Bybel. Trouens, as God wou hê ons moes anders glo, het Hy ons doelbewus verwar deur soveel duidelike stellings te maak wat aandui dat Christus letterlik die gebore Seun van God is, sonder die geringste verduideliking om aan te dui dat ons nie Sy woorde in hul algemene betekenis kan aanvaar nie. Tog, “God is nie ‘n God van wanorde nie, maar van vrede.” (1 Korinthiërs 14:33)

Enige skrywer of openbare spreker weet dat wanneer daar 'n woord of 'n frase gebruik word wat moontlik misverstaan kan word, verduidelikings gegee moet word om te verhoed dat die verkeerde gevolgtrekkings gemaak word. Tog, regdeur die Nuwe Testament, is daar nooit enige regstelling of verklaring vir stellings dat Christus die gebore Seun van God is nie, sodat hierdie woorde nie in hul algemene sin verstaan sou word nie. Jesus het gesê dat Hy “die eniggebore Seun van God” is (Johannes 3:18). Aangaande 'n ander onderwerp, maar die beginsel kan op dieselfde manier hier toegepas word, het Hy gesê: “As dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het.” (Johannes 14:2).

Jy dink dalk, “Ek het nog altyd geglo Jesus is die Seun van God.” Puik! Jy kan ook vra: “Glo alle Christene nie dat Jesus die Seun van God is nie?” Die harde werklikheid is dat die meeste belydende Christene eintlik nie glo dat Jesus die ware Seun van God is nie, want hul denominasies se geloofsverklarings onderskryf dit nie.

Byna alle Christene sal bevestig dat Jesus die Seun van God is, maar daar is baie verskillende betekenisse verbonde aan hierdie woorde. Byvoorbeeld, die Jehovah-Getuies sê dat Jesus die Seun van God is, maar as hulle gevra word om dit te verduidelik, sal hulle jou sê dat Jesus die eerste engel was wat God geskep het, met geen verskil tussen Jesus en Lucifer of enige van die ander engele nie. Katolieke sal vir jou sê dat Jesus die Seun van God is, maar wanneer hulle gevra word om dit te verduidelik, sal hulle sê dat Hy deel is van dieselfde wese van God, so deeglik aan Sy wese verbind as 'n Siamese tweeling, en dat Hy dieselfde ouderdom as Sy Vader is. Het jy al ooit van so 'n Seun gehoor? Ander sal verduidelik dat Jesus 'n mede-ewige metgesel van God is wat God as Sy Seun verklaar het, al is Hy nie werklik Sy Seun nie. Ander sal sê dat Jesus die Seun van God geword het toe Hy in Betlehem deur die maagd Maria gebore is, en nie in enige ander sin die Seun van God was nie.

Elkeen van hierdie teorieë ontken op een of ander manier dat Jesus die Seun van God is. Die Bybel sê: “Wie is die leuenaar anders as hy wat nie wil erken dat Jesus werklik die Christus is nie? Hý is die antichris, hy wat nie die Vader en die Seun wil erken nie. Wie nie die Seun erken nie, verwerp ook die Vader; wie die Seun erken, erken ook die Vader.” (1 Johannes 2:22, 23). Ons moet versigtig wees om nie die Seun van God te ontken net sodat ons 'n kerklike geloofsbelydenis, wat nie in die Bybel staan nie, kan handhaaf. 'n Ontkenning van die Seun van God sal lei tot ons onvermoë om die wêreld te oorwin en sal ons verhouding met God inperk.

Baie mense het 'n valse idee oor God, wat die ware Kindskap van Christus ontken. Maak nie saak hoe hard 'n mens probeer om 'n god soos hierdie lief te hê nie, hulle sal hom nooit met hul hele hart, siel, krag en verstand kan liefhê nie. Dit is so, want God se liefde word wanvoorgestel deur allerhande valse teorieë oor Hom, en ons kan Hom net liefhê deur eers Sy liefde vir ons raak te sien, soos Johannes gesê het: “Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het.” (1 Johannes 4:19)

Die Bybel sê: En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in ‘n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.” (2 Korinthiërs 3:18). As ons God aanskou as Een wat ons net genoeg liefhet om Homself voor te hou as Een wat voorgee dat hy iemand is wat hy nie is nie, dan sal ons Hom net genoeg liefhê om onsself voor te hou as Christene, terwyl ons dit nie werklik is nie.

Onthou dat geen leuen veiligheid waarborg nie, maak nie saak hoe onskuldig die een is wat dit glo nie. Paulus het geskryf dat diegene wat “die leuen glo” veroordeel sal word “wat die waarheid nie geglo het nie, maar behae gehad het in die ongeregtigheid” (2 Thessalonicense 2:11, 12). Hou ook in gedagte dat die meerderheid selde reg is in godsdienstige sake. Jesus het gesê: “Breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan, want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.” (Matthëús 7:13, 14). Die raad van mense, en die mensgemaakte geloofsbelydenisse wat so dikwels deur Christene hooggeag word, is nie die standaarde waarvolgens ons die waarheid kan bepaal nie. Daar is net een standaard, en een alleen, wat ons kan vertrou as 'n onfeilbare gids tot die waarheid, en dit is die Woord van God. Ons moenie die mens vertrou om ons in die waarheid te lei nie, want God het gesê: “Die leiers van hierdie volk het verleiers geword, en dié van hulle wat gelei word, is op ‘n dwaalweg gebring.” (Jesaja 9:16).

My gebed is dat jy net 'n blote “So spreek die Here” sal aanvaar as 'n rede vir al jou oortuigings oor die Seun van God en dat jy Jesus waarlik sal aanvaar vir wie Hy Homself verklaar het om te wees, “die eniggebore Seun van God” (Joh. 3:18). Ek bid dat hierdie waarheid die deure vir jou sal oopmaak vir onbeperkte gemeenskap met die grote God van die hemel wat Sy Seun oorgegee het om vir jou sondes te sterf. “Kyk wat ‘n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!” (1 Johannes 3:1).

Hoofstuk 2

# Die Enigste Ware God

Dit is God se begeerte dat sy skepsels wat na sy beeld gemaak is, Hom sal ken en Hom daarom sal liefhê met hulle hele harte. Die grootste probleem met mense wat God nie waardeer nie, is dat hulle Hom nie ken soos Hy werklik is nie. Johannes het geskryf: “Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde.” (1 Johannes 4:8). Baie het 'n verwronge siening van God se karakter, en dit bring mee dat hulle nie ‘n waardering het vir God soos wat Hy verdien nie.

Die primêre fokus van Satan se aanvalle op God se koninkryk was om God se karakter in duisternis te hul. Dit is as gevolg van Sy werk om leuens oor God te versprei dat baie mense onkundig bly oor God se liefde en weier om Hom as die heerser van hul lewens te aanvaar.

Die duisternis rakende God se karakter bestaan in verskillende grade in verskillende mense. Sommige mense verstaan God se liefde op 'n manier wat baie na aan Sy werklike eienskappe is en daarom het hulle Hom so lief as moontlik met hul beperkte sienings van Sy liefde. Tog word hulle liefde vir God belemmer deur so baie gekoesterde valsheid aangaande God se karakter. Hierdie dwalings verhoed dat hulle God met hulle hele hart kan liefhê. In hierdie toestand kan hulle liefde nie "volmaak word" nie (1 Johannes 4:17).

Hierdie duisternis sal nie vir ewig duur nie. God sal Homself aan Sy mense openbaar, en deur hulle ook ander bereik. Hy sal sê: "Staan op, word verlig; want jou lig kom, en die heerlikheid van die HERE gaan oor jou op. Want kyk, die duisternis sal die aarde oordek en donkerheid die volke; maar oor jóu sal die HERE opgaan, en sy heerlikheid sal oor jou gesien word. En nasies sal trek na jou lig, en konings na jou stralende opgang." (Jesaja 60:1-3).

Die heerlikheid van die Here is sy karakter (Eksodus 33:18, 19). God se karakter sal aan Sy mense geopenbaar word en hulle sal na Sy beeld verander word. Paulus het geskryf: "En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is." (2 Korinthiërs 3:18). Om God se karakter te aanskou soos Hy dit in Sy woord openbaar, is noodsaaklik, want ons sal verander word na die beeld van wat ons aanskou. As ons 'n god sien wat liefdeloos en wreed is, dan sal ons ook liefdeloos en wreed word.

Ons karakters hou direk verband met ons persepsies van God se karakter. Dit is hoekom Jesus die belangrikheid daarvan beklemtoon het om God te ken. Toe Hy tot Sy Vader vir ons gebid het, het Hy gesê: "En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is." (Johannes 17:3). Ons ewige lewe berus daarop om die enigste ware God en Sy Seun, Jesus Christus, te ken. Dit is die belangrikste kennis wat ons kan hê. Petrus het geskryf: "Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees deur julle kennis van God en van Jesus ons Here!" (2 Petrus 1:2).

## ***Weet Wie Ons Aanbid***

Jesus het vir 'n Samaritaanse vrou wat Hy by die put van Jakob ontmoet het, gesê: “Julle aanbid wat julle nie weet nie; ons aanbid wat ons weet, want die saligheid is uit die Jode. Maar daar kom ‘n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.” (Joh. 4:22-24). Eerder as om hierdie vrou te komplimenteer vir haar onkunde in aanbidding, het Jesus probeer om haar begrip van God te verhoog en haar misverstande reg te stel.

Jesus het Homself ingesluit toe Hy gesê het, “Ons weet wat ons aanbid.” Het jy geweet Jesus aanbid iemand? Hy het dit self gesê, en toe verduidelik Hy wie Hy aanbid. Hy het gesê: “die ware aanbidders sal die Vader in gees en waarheid aanbid.” Jesus aanbid Sy Vader saam met alle “ware aanbidders”. Hy aanbid Sy Vader, want Sy Vader is Sy God. Hy het vir Maria, direk na Sy opstanding, gesê: “Moet My nie vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader toe opgevaar nie. Maar gaan na my broers toe en sê vir hulle: ‘Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is.’” (Johannes 20:17).

Jesus het vir Sy dissipels gesê dat Sy God dieselfde God is as hulle God. Hy het ook verduidelik wie hierdie God is, naamlik die Vader. Hy het die dissipels verseker dat Sy Vader ook ons Vader is, en Sy God is ook ons God.

Jesus het belowe: "Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly. Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, die nuwe Jerusalem, wat van my God af uit die hemel uit afkom. En Ek sal ook my eie nuwe Naam op hom skrywe." (Openbaring 3:12).

Paulus het geskrywe: “…ek bid dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken.”(Efésiërs 1:17).

Jesus het gesê dat die ware aanbidders die Vader “in gees en waarheid” moet aanbid. Dit is nie genoeg om God in gees te aanbid nie, jy moet Hom ook in waarheid aanbid. Om God in gees te aanbid beteken om jou gees by aanbidding betrokke te maak. Het jy al ooit gevind dat jy gesange sing terwyl jou gedagtes wentel om jou motor, jou huis of 'n sport? Kan jy op daardie oomblik sê jy aanbid in gees? Nee! As jou hart en gedagtes nie betrokke is nie, dan is dit nie ware aanbidding nie.

Wat daarvan as jou hart betrokke is by aanbidding, maar jy aanbid 'n afgod? Is jy 'n ware aanbidder? Beslis nie! Om 'n ware aanbidder te wees moet nie net jou hart en verstand betrokke wees nie, maar jy moet in waarheid aanbid deur die ware God te aanbid. Wie is die ware God wat die ware aanbidders moet aanbid? Jesus het gesê: “die ware aanbidders sal die Vader in gees en waarheid aanbid.” Het die vrou by die put God in waarheid aanbid? Nee! Jesus het gesê sy weet nie wat sy aanbid nie. Dit is 'n gevaarlike ding om vreemde of onbekende gode te aanbid.

Paulus het die heidene op die Areopagus berispe omdat hulle 'n altaar gehad het met die inskripsie, “AAN ‘n ONBEKENDE GOD” (Hand. 17:23). Onkundige aanbidding is nie ware aanbidding nie. God het die Israeliete bestraf en gesê: “Hulle het aan die duiwels geoffer, wat nie-God is, gode wat aan hulle nie bekend was nie; nuwes wat kort gelede opgekom het, vir wie julle vaders nie gehuiwer het nie.” (Deuteronómium 32:17). Hier leer ons dat duiwels eintlik aanbidding kry as ons gode aanbid wat ons nie ken nie. Paulus het geskryf: “Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels gemeenskap moet hou nie.” (1 Korintiërs 10:20).

## *Die vermenging van Heidendom en Christenskap*

Die Bybel het geprofeteer dat ’n wêreldse mag op die toneel sou verskyn en afskuwelike dinge sou doen, insluitend die instel van ’n valse god. (Lees Daniël hoofstukke 7, 8, 11 en Openbaring 13. Vir meer inligting, lees asseblief die Desember 2008-uitgawe van *Present Truth*.)

Die engel Gabriël het oor die opkoms van hierdie mag met Daniël gespreek: “En die koning sal doen net wat hy wil en homself verhef en hom groot hou bo enige god, en teen die God van die gode sal hy wonderbaarlike dinge spreek; en hy sal voorspoedig wees, totdat die grimmigheid ten einde is; want wat vas besluit is, sal uitgevoer word. En op die gode van sy vaders sal hy nie ag slaan nie, en op die liefling van die vroue en op enige god sal hy geen ag gee nie; want hy sal homself bo alles groot hou. ” (Daniël 11:36, 37).

Hierdie beskrywing is byna identies aan Paulus se beskrywing in 2 Thessalonicense 2:3,4. 'n Studie van Daniël 7, 8 en 11 openbaar dat hierdie mag die pousdom is. Let op, Gabriël het gesê dat wanneer die pousdom aan bewind kom, dit die God van sy vaders sal verontagsaam. Met ander woorde, die God van Abraham, Isak en Jakob, die God van Petrus, Paulus en die ander apostels, sou deur die pousdom verontagsaam word. Gabriël het voortgegaan:

“Maar in plaas daarvan sal hy die god van die vestings vereer, en die god wat sy vaders nie geken het nie, sal hy met goud en silwer en edelgesteente en kosbaarhede vereer. So sal hy dan optree teen die versterkte vestings met behulp van ‘n vreemde god; diegene wat hy erken, sal hy baie eer en hulle oor baie laat heers en grond as beloning uitdeel. (Daniël 11:38-39).

Net soos geprofeteer in die Bybel, toe die pousdom aan bewind gekom het, is die “God van [hulle] vaders” verontagsaam, en ’n vreemde god het na vore gekom wat hulle “vaders nie geken het nie”. Hierdie profesie is tot op die letter vervul toe Satan die pousdom geïnspireer het om die Drie-eenheidsleer in die vierde eeu te ontwikkel en in te stel.

Die Drie-eenheidsleer was nie altyd deel van die godsdiens van hoofstroom Christendom nie. Op bladsy 11 van die boek, *Handbook for Today's Catholic*, lees ons: “Die geheimenis van die Drie-eenheid is die sentrale leerstelling van die Katolieke Geloof. Al die ander leerstellings van die Kerk is daarop gebaseer ... Die Kerk het hierdie raaisel met groot sorg bestudeer en, om duidelikheid te verkry, na vier eeue, besluit om die leerstelling as volg te beskryf: in die eenheid van die Godheid is daar drie persone, die Vader, die Seun en die Heilige Gees...” (vertaal na Afrikaans).

Die sentrale leerstelling van die Katolieke geloof, wat hulle as hul eie formulering erken, is die “vreemde god” wat in Daniël 11:39 geprofeteer word. Hierdie god is so vreemd dat dit in die volksmond 'n “geheimenis” of “verborgenheid” genoem word, en sy aanhangers word aangesê om nie die moeite te doen om die verwarrende teenstrydighede daarvan te probeer verstaan nie. Diegene wat 'n geheimsinnige vreemde god aanbid, aanbid werklikwaar iets “wat julle nie weet nie,” soos die vrou by die put wat deur Jesus vermaan is om die Vader in Gees en waarheid te aanbid. Om God in waarheid te aanbid, moet ons weet wie ons aanbid.

Weet jy wie jy aanbid? Ek was al in kerke waar hulle alles deurmekaar gooi. Hulle sê: “Ons dank U, Vader dat U gekom het en vir ons sondes gesterf het.” Ek hoor hoe mense tot Jesus bid en die gebed “in Jesus naam” afsluit. Maak dit sin om in Sy eie naam tot Jesus te bid? Hy is ons middelaar, en Hy het vir ons gesê om in Jesus se naam tot die Vader te bid (Lukas 11:2; Johannes 16:23; Efésiërs 5:20). Ek het gehoor hoe mense tot die Vader bid, en eindig met, “in u Naam.” Die Bybel sê: “Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus” (1 Timótheüs 2:5). Ons moet tot God, die Vader, bid, in die naam van ons Middelaar, Jesus Christus. Dit wil voorkom asof mense wat die Bybelse onderskeidings en

posisies van die Vader en Seun verwar, nie weet wie hulle aanbid nie, en dus nie in waarheid aanbid nie.

## *Onderskeiding tussen die Vader en die Seun*

Paulus het geskryf: "Nadat God baiekeer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het, deur wie Hy ook die wêreld gemaak het." (Hebreërs 1:1, 2).

God het aangedui dat sy Seun die erfgenaam van alle dinge is. 'n Erfgenaam is "een wat sy toegekende besitting ontvang deur sy seunskap as reg" (*Thayer's Greek Lexicon,* vertaal na Afrikaans). Alles wat die Seun het, het Hy van sy Vader ontvang, ook die lewe self. Jesus het gesê: "Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê." (Johannes 5:26).

Verder lees ons in Hebreërs, "Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte," (Hebreërs 1:3).

'n Afskynsel of afdruksel is 'n gelykenis van die oorspronklike. In hierdie geval word na Jesus verwys as "die afdruksel van die wese" van Sy Vader. *Thayer's Greek Lexicon* definieer die Griekse woord wat hier gebruik word as "in elke opsig 'n presiese reproduksie." Jesus Christus is, as Seun van God, die afdruksel of afskynsel van Sy Vader. Dit is onmoontlik om die afdruksel en die oorspronklike op dieselfde tyd te wees. Jy kan die een of die ander wees, maar nie albei nie. Sou dit reg of gepas wees om te sê dat die Vader die beeld van die Seun is? Nee, en daarom word daar nooit op hierdie manier na Hom verwys nie, want die Vader is die oorspronklike. Mense het my al genader en gesê: "Jou seun lyk nes jy." Dit sal selde wees dat iemand my nader en sê: "Jy lyk nes jou seun." Hoekom? My seun is my afskynsel, nie andersom nie, want ek was eerste daar.

Paulus het verder ook geskryf: "…terwyl Hy soveel uitnemender geword het as die engele namate Hy 'n voortrefliker naam geërf het as hulle." (Hebreërs 1:4). Met die reg van seunskap het Jesus Christus 'n voortrefliker naam as die engele ontvang. Engele is nie letterlike seuns nie, en ontvang dus nie wat Christus van nature erf nie, want Hy is werklik God se Seun.

Paulus het voortgegaan, “Want aan wie van die engele het Hy ooit gesê: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer? en weer: Ek sal vir Hom ‘n Vader wees, en Hy sal vir My ‘n Seun wees?” (Hebreërs 1:5). Let op na die argument wat Paulus gebruik om Jesus van die engele te onderskei. Oor en oor redeneer hy dat Jesus beter is omdat Hy die Seun van God is, omdat Hy “eniggebore” is, omdat Hy die “afdruksel van die wese” van Sy Vader is, omdat Hy die “erfgenaam van alles” is, omdat Hy vanuit Sy natuur 'n “erfenis” van Sy Vader ontvang.

Paulus het geskryf: “En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid. En van die engele sê Hy wel: Hy wat van sy boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme; maar van die Seun: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is ‘n regverdige septer.” (Hebreërs 1:6-8). Hier sê Paulus vir ons dat Jesus goddelik is omdat Hy werklik die Seun van God is. Sy taalgebruik om dit te beklemtoon, is onafwendbaar. Jesus is beter as die engele omdat Hy uit die Vader gebore is, iets wat nie van enige van die engele gesê kan word nie.

Toe Paulus by die punt kom dat Jesus God genoem word, het hy geskryf: “…maar van die Seun [sê die Vader]: U troon, o God, is tot in alle ewigheid, die septer van u koninkryk is ‘n regverdige septer; U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God [die Vader] U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle.” (Hebreërs 1:8, 9). As die Seun van God is Jesus, vanuit sy reg as erfgenaam, van nature God. 'n Ware Seun van God kan van nature niks anders of niks minder as God wees nie.

Daar is ’n natuurwet wat aandui dat wesens slegs nageslag “volgens hulle soorte” kan hê (Génesis 1:24, 25). Die nageslag van 'n hond is altyd 'n hond, die nageslag van 'n voël is altyd 'n voël, die nageslag van 'n mens is altyd 'n mens, en die nageslag van God is natuurlik God. Dit is reg en gepas om na Jesus Christus as “God” te verwys, want God, die Vader self, noem Hom “God”. Tog maak die Vader dit in dieselfde asem duidelik dat Hy die God van sy Seun is. Hy sê, “U God het U gesalf ...” Jesus is God, tog het Hy 'n God bo Hom wat ook sy Vader is.

God, die Vader het verder met sy Seun gepraat: “en: U, o Here, het in die begin die aarde gegrondves en die hemele is werke van u hande. ” (Hebreërs 1:10). God het vir sy Seun gesê: “Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis” (Génesis 1:26). Jesus Christus het saam met Sy Vader deelgeneem aan die skepping van alle dinge. Die Vader sê dat die hemele die werke van Sy

Seun se hande is. Die Bybel sê: "En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword." (Génesis 2:7).

Toe Jesus op aarde was, was dit Sy hande wat die melaatses aangeraak het om hulle gesond te maak, dit was Sy hande wat die oë van blindes aangeraak het om aan hulle sig te gee. Dit was Sy mond wat die woorde "word gereinig" uitgespreek het, om die siekes te genees. Tog het Jesus gesê: "Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke." (Johannes 14:10). God die Vader is die een wat sy krag uitgeoefen het om die siekes te genees, maar Hy het gekies om dit te doen deur die hande van sy Seun. Dieselfde geld in die skepping. Oor en oor word God die Vader die eer gegee dat hy alles geskep het, en Jesus is die kanaal waardeur Hy dit gedoen het. Selfs aan die begin van hierdie hoofstuk in Hebreërs staan daar dat "God... die wêreld gemaak het" en dit sê dat Hy hulle gemaak het "deur" "Sy Seun" (Hebreërs 1:1, 2). Paulus skryf hieroor dat "God … alles geskape het deur Jesus Christus" (Efésiërs 3:9).

Jesus is God, en Hy het met sy Vader saamgewerk in die skepping van alle dinge. Johannes het hieroor geskryf: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie." (Johannes 1:1-3).

Hier word Jesus "God" genoem, tog is daar 'n duidelike onderskeid tussen Hom en "God" by wie Hy was. Die God by wie Jesus was, is God die Vader. Jesus was nie dieselfde "God" by wie Hy was nie, maar Jesus was eerder God in die sin van goddelik wees net soos Sy Vader. Die Vader is God; dus is Sy Seun ook noodwendig God van nature. Bybelse Griekse geleerdes stem oor die algemeen saam dat die tweede keer dat die woord "God" in Johannes 1:1 gebruik word, dit as 'n "kwalitatiewe selfstandige naamwoord" gebruik word om die eienskappe van "die Woord" te beskryf. Harner sê dat "selfstandige naamwoorde met 'n *anarthous* [sonder 'n lidwoord soos 'n of die], wat die gesegde (werkwoord) voorafgaan, primêr kwalitatief in betekenis is." (*The Journal of Biblical Literature*, Philip B. Harner, artikel "*Qualitative Anarthrous Predicate Nouns: Mark 15:39 and John 1:1*.") "Hierdie frase kon vertaal word as 'dieselfde natuur as God.' Dit sou een wyse wees waarop Johannes se gedagtes voorgestel kon word, wat sê, soos ek dit verstaan, dat *ho logos* ['die woord'], geensins minder as *ho theos* ['die God'] is, wat die aard van *theos* gehad het." (*ibid*.)

## *Eienskappe van die Vader*

Die Bybel openbaar duidelike onderskeiding tussen die Vader en die Seun. Hier volg ‘n gedeeltelike lys van die eienskappe van God, die Vader:

# *Hy is die een wat Sy Seun gestuur het.*

“En ons het aanskou en ons getuig dat die Vader die Seun as Verlosser van die wêreld gestuur het.” (1 Johannes 4:14).

# *Hy is die een wat Sy Seun ‘n werk gegee het om te doen.*

Jesus het gesê: “Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.” (Johannes 17:4).

# *Hy is die een wat Sy Seun opdrag gegee het, wat om te sê en te doen.*

Jesus het gesê: “Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My ‘n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek.” (Johannes 12:49).

# *Hy is die een wat aan Sy Seun die mag oor alle vlees gegee het.*

Jesus het gesê: “…soos U [die Vader] Hom [die Seun] mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee.” (Johannes 17:2).

# *Hy is die een wat die gesag aan Sy Seun oorgedra het.*

Jesus het gesê: “Hy [die Vader] het Hom [die Seun] mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is.” (Johannes 5:27)

# *Hy is die een wat aan Sy Seun gesê het om aan*

## *Sy regterhand te sit.*

“En aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het ‘n voetbank van u voete?” (Hebreërs 1:13).

## *Hy is die een wat Sy Seun gesalf het.*

“U het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat; daarom het, o God, u God U gesalf met vreugde-olie bo u metgeselle.” (Hebreërs 1:9).

## *Hy is die een wat Sy Gees aan Sy Seun gegee het.*

“Want Hy wat God gestuur het, spreek die woorde van God; want God gee Hom die Gees nie met mate nie.” (Johannes 3:34).

## *Hy is die een wat aan Sy Seun lewe in Homself gegee het.*

“Want soos die Vader lewe het in Homself, so het Hy aan die Seun ook gegee om lewe in Homself te hê.” (Johannes 5:26).

## *Hy is die een wat aan Sy Seun alle mag in die hemel en op aarde gegee het.*

“En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.” (Matthéüs 28:18).

## *Hy is die een wat Sy Seun uitermate verhoog het.*

“Daarom het God Hom ook uitermate verhoog …” (Filippense 2:9).

## *Hy is die een wat aan Sy Seun ‘n naam wat bo elke naam is, gegee het.*

“Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom ‘n naam gegee wat bo elke naam is.” (Filippense 2:9).

## *Hy is die een wat alles in Sy Seun se hande geplaas het.*

“Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee.” (Johannes 3:35).

## *Hy is die een wat die hele oordeel aan die Seun gegee het.*

“Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee.” (Johannes 5:22).

## *Hy is die een aan wie Christus Homself onderwerp, in alle ewigheid.*

“En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees.” (1 Korinthiërs 15:28).

## *Hy is die hoof van Christus.*

“Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.” (1 Korinthiërs 11:3).

## *Hy is die God van ons Here Jesus Christus.*

“…dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee,” (Efésiërs 1:17).

In geeneen van hierdie gevalle vind ons dat die teenoorgestelde waar is nie: Die Seun het die Vader nooit iewers heen gestuur nie. Hy het nooit vir die Vader 'n werk gegee om te doen, of beveel wat Hy moes spreek nie. Die Seun het nooit krag of gesag aan Sy Vader gegee nie. Die Seun het nooit Sy Vader gesalf nie. Hy het nooit lewe aan Sy Vader gegee nie. Die Vader het nooit, en sal nooit, aan Sy Seun onderworpe wees nie. Die Seun is nie die hoof van die Vader nie, en Hy is ook nie Sy God nie. Dit word deur die meeste mense erken dat die Vader die hoogste rang beklee. Die voortdurende poging van

trinitariërs om die Seun absoluut gelyk aan die Vader te maak, is eintlik 'n bewys dat Hy dit nie is nie. Hulle probeer nooit om te bewys dat die Vader gelyk is aan die Seun nie. Dit is waar dat Jesus in baie opsigte gelyk is aan Sy Vader, insluitend die natuur, maar in elkeen van die aspekte wat in die verse hierbo genoem word, beklee die Vader die hoogste posisie. Trouens, Hy is die enigste wese in die Bybel met die titel “Allerhoogste”.

'n Besetene het na Jesus toe gekom, “en skreeu met ‘n groot stem en sê: Wat het ek met U te doen, Jesus, Seun van die allerhoogste God? Ek besweer U by God om my nie te pynig nie.” (Markus 5:7). As hierdie man hom moontlik misgis het, het ons 'n bevestiging van Gabriël, die engel van God, wat van Jesus gesê het: “Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee.” (Lukas 1:32).

Hoeveel Allerhoogstes is daar? As daar meer as een Allerhoogste is, dan het jy sodoende nie meer een Allerhoogste nie, maar 'n komitee van Allerhoogstes. Dus kan daar net een Allerhoogste wees.

Paulus het geskryf: “Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.” (1 Korinthiërs 11:3). In die verduideliking van erfgename het Paulus gekom tot by God en daar opgehou. Hoekom? Hy kan nie hoër gaan nie. Die Vader is die Allerhoogste God, en die Hoof van Christus.

## *Titels van die Vader*

***Allerhoogste***

***Bo alles en almal***

***Groter as alles en almal***

***Die God en Vader van almal***

***Die Oue van Dae***

***Die enigste ware God***

***Here van die hemel en die aarde***

# *Die enigste Heerser*

Die Vader word “die Oue van dae” genoem in Daniël 7:9,13,22. Hy is die enigste een met hierdie titel in die Bybel. Wat dink jy, is daar 'n rede hiervoor? God probeer vir ons iets van Homself vertel. Hy is ouer as enige ander wese in die heelal.

Paulus het van die Vader geskryf: “Een God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is.” (Efésiërs 4:6). Die Vader is die Allerhoogste God, en dus is Hy “oor almal.”

Die Bybel vertel van Christus se slotgebed by die laaste maaltyd: “Dit het Jesus gespreek, en Hy het sy oë na die hemel opgehef en gesê: Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik—soos U Hom mag oor alle vlees gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe kan gee. En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, *die enige waaragtige God*, en Jesus Christus wat U gestuur het.” (Johannes 17:1-3).

Jesus het Sy Vader as die “enige waaragtige God” aangespreek. Die Griekse woord μονον wat as “enige” vertaal is, beteken “alleen, (sonder metgesél)” (*Thayer’s Greek Lexicon*). Hoeveel ware Gode kan daar wees as daar slegs een is?

Die Griekse woord αληθινον wat met “waaragtige” vertaal is, beteken, “werklik, waar, eg, … dit kontrasteer realiteite met dit wat soos hulle lyk” of ooreenkom (*Thayer’s Greek Lexicon,* vertaal na Afrikaans). Hierdie woord onderskei die oorspronklike van dié wat daarmee ooreenkom. Dit word gebruik in Hebreërs 8:2, waar dit van Christus sê Hy is “ ‘n Bedienaar van die heilige dinge en van die *ware* tabernakel wat die Here opgerig het en nie ‘n mens nie.” Paulus het die oorspronklike tabernakel wat God in die hemel opgerig het, onderskei van die eksemplaar wat Moses op aarde gebou het.

Toe Jesus die Vader die “enige waaragtige God” genoem het, het Hy Homself uitgesluit, maar het dit gestel dat Sy Vader die enigste oorspronklike God is. Jesus is die afdruksel van die ware God; Hy is nie die enige ware God nie.

Die ewige lewe is om beide die Vader en sy Seun, Jesus Christus, te ken. Jy het dalk gewonder hoekom Jesus iemand uit hierdie vergelyking gelaat het. As daar 'n derde god is wat “die Heilige Gees” genoem word, dan is dit nie vir jou redding nodig dat jy Hom ken nie, want die ewige lewe hang daarvan af

om net twee individue te ken, naamlik die Vader en Sy Seun, Jesus Christus. (Ons sal in die volgende hoofstuk oor die Heilige Gees gesels.)

Paulus het geskryf dat ons vir almal moet bid, want God, "wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus" (1 Timótheüs 2:4,5). God wil hê dat almal die waarheid oor God moet weet, dat daar net een God en een middelaar tussen ons en God is, naamlik Jesus Christus.

Paulus skryf verder: "Wat dan die eet van die offervleis aan die afgode betref, weet ons dat 'n afgod niks in die wêreld is nie, en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een. Want al is daar ook sogenaamde gode, of dit in die hemel en of dit op die aarde is—soos daar baie gode en baie here is—tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom. (1 Korinthiërs 8:4-6).

Paulus kom duidelik oor in hierdie vers. Hy sê: "Daar is geen ander God nie, behalwe Een." As daar twee of drie gode was, kon Paulus hierdie stelling waarlik gemaak het? Nee! Daar is net een God, en Paulus het ons nie in die duister gelaat oor die identiteit van hierdie een God nie. Hy sê: "Tog is daar vir ons maar een God, die Vader..." Die "een God" van die Bybel naas wie "daar geen ander is nie" is "die Vader". Paulus is baie duidelik op hierdie punt. Daar is geen verwarring daarin nie. Paulus het ook daarop gewys dat "alles" uit of van Hom is. Die Vader is die bron van alles. Paulus het agterna ook daarop gewys dat daar "een Here Jesus Christus [is] deur wie alles is." Jesus is die kanaal waardeur alle seëninge vloei. Hy word duidelik onderskei van die "een God" van die Bybel. Trouens, die term "een God" word sewe keer in die Bybel gebruik (Maleági 2:10; Markus 12:32 – sien KJV; Romeine 3:30; 1 Korinthiërs 8:6; Efésiërs 4:6; 1 Timótheüs 2:5; Jakobus 2:19 – sien KJV), en in elkeeen van hierdie gevalle verwys dit uitsluitlik na die Vader.

Eendag het Jesus met die Fariseërs en Sadduseërs geredeneer. "En toe een van die skrifgeleerdes wat bygekom het, hulle hoor redetwis, en wis dat Hy hulle goed geantwoord het, vra hy vir Hom: Wat is die eerste gebod van almal? En Jesus antwoord hom: Die eerste van al die gebooie is: Hoor, Israel, die Here, onse God, is 'n enige Here; en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod. En die tweede, hieraan gelyk, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie." (Markus

12:28-31). In sy antwoord aan hierdie skrifgeleerde het Jesus begin deur te beklemtoon dat daar een God is.

"En die skrifgeleerde sê vir Hom: Goed, Meester, U het met waarheid gesê dat God een is en daar geen ander is as Hy nie; en om Hom lief te hê uit die hele hart en uit die hele verstand en uit die hele siel en uit die hele krag, en om die naaste lief te hê soos jouself, is meer as al die brandoffers en die slagoffers. " (Markus 12:32,33, sien ook KJV). Hierdie skrifgeleerde se antwoord was baie nadruklik en eksklusief deur te sê dat "God een is; en daar is geen ander as Hy nie." (In the KJV: "there is one God; and there is none other but he") Let op dat die skrifgeleerde nie gesê het: "daar geen ander is as hulle nie". Hy het 'n enkelvoudige woord "hy" gebruik om na een individu te verwys. Die woord is enkelvoud in Engels sowel as in Grieks en in die Aramese vertaling van Grieks. Elke keer in die Bybel waar voornaamwoorde gebruik word om na beide die Vader en Seun te verwys, is hulle altyd meervoud, soos "ons" en "hulle" ens. Daar is nooit 'n geval waar daar na beide die Vader en Seun verwys word met die gebruik van enkelvoude voornaamwoorde nie, bv. "ek," "my," "hy," "hom," ens. Hierdie skrifgeleerde het na een individu verwys, "en daar is geen ander as Hy nie."

Ons kan verseker weet na wie hierdie skrifgeleerde as die "enige Here" verwys het. By 'n ander geleentheid het Jesus met die Jode geredeneer: "Jesus antwoord: As Ek Myself verheerlik, is my heerlikheid niks nie. Dit is my Vader wat My verheerlik, van wie julle sê dat Hy julle God is." (Johannes 8:54). Jesus het geweet dat wanneer 'n Joodse man oor God gepraat het, hy na Sy Vader verwys het. Jesus het geweet dat toe hierdie skrifgeleerde gesê het "daar is een God; en daar is niemand anders behalwe Hy nie" dat hy spesifiek oor Sy Vader gepraat het. Indien hy verkeerd was, sou dit die volmaakte geleentheid vir Jesus gewees het om dit reg te stel. Jesus kon gesê het: "Wel, eintlik is daar drie gode, en ek is een van hulle." Maar Jesus het dit nie gedoen nie. In plaas daarvan sê die Bybel: "Toe Jesus sien dat hy verstandig geantwoord het, sê Hy vir hom: Jy is nie ver van die koninkryk van God nie. En niemand het dit meer gewaag om Hom vrae te stel nie." (Markus 12:34). Eerder as om 'n teregwysing aan hierdie man te bied, het Jesus hom gekomplimenteer oor sy goeie antwoord.

Die Bybel is duidelik omtrent die identiteit van God en Sy eniggebore Seun. Let op na 'n paar Bybelse feite omtrent die Vader, Seun en Heilige Gees.

## *Vader*

"God die Vader" 14 keer

"Allerhoogste" 53 keer

"Enige waaragtige God" 1 keer

## *Seun*

"Seun van God" 46 keer

God se "heilige Kind" twee keer

God se "eersgeborene" 5 keer

Die "eniggeborene" 2 keer

"Die eniggebore Seun" 4 keer

## *Die Heilige Gees*

"die Gees van God" 11 keer

"die Heilige Gees" 92 keer

"U Gees" 4 keer

"Die heilige Gees van God" een keer

"Gees van Christus" 2 keer

Laat ons, in kontras met hierdie Bybelse feite, ook die frases wat deur trinitariërs gebruik word, ondersoek om te sien hoe dit in die Bybel voorkom.

## *Trinitariese frases:*

"drie-eenheid" 0 keer

"drie-enige God" 0 keer

"God in drie persone" 0 keer

"Drie persone" 0 keer

"God die Seun" 0 keer

"God die Heilige Gees" 0 keer

## *Gevolgtrekkings*

Oral waar daar na Jesus verwys word met bewoording wat aandui dat Hy die Seun van God is, is daar nêrens 'n verklaring wat wys dat ons nie hierdie woorde in die natuurlike sin kan opneem nie. Terwyl Jesus op aarde was, het God die Vader drie keer uit die hemel gepraat, en twee van daardie kere het Hy van Jesus gepraat met die woorde: "Dit is my geliefde Seun …" As God verwag het dat ons NIE dit wat Hy oor Sy Seun gesê het, moet glo nie, waarom het Hy dit nie vir ons so aangedui nie? Hy het baie geleenthede gehad om te verduidelik dat Jesus eintlik Sy metgesel of 'n uitvloeisel van Homself is, soos die drie-eenheid en triteïsme dit stel. Hy het egter nie van een van daardie geleenthede gebruik gemaak nie. Nie een keer het Hy vir ons aangedui dat Jesus iemand anders as Sy ware Seun is nie. As God werklik wou hê dat ons iets anders moet glo as dat Jesus Sy ware Seun is, dan het Hy maar baie swak te werk gegaan om dit in die Skrif te verduidelik, en Hy het selfs baie, baie stellings in die Bybel gemaak wat net sou dien om ons te mislei, om iets anders as die waarheid te glo. Vriende, "God is nie 'n God van wanorde nie" (1 Korintiërs 14:33). God wil hê dat ons glo presies wat Hy oor sy Seun gesê het. As ons enigiets anders glo, maak ons God tot leuenaar. "Wie in die Seun van God glo, het die getuienis in homself. Hy wat God nie glo nie, het Hom tot leuenaar gemaak, omdat hy die getuienis nie geglo het wat God aangaande sy Seun getuig het nie." (1 Johannes 5:10).

Die feit dat Jesus die Seun van God is, is die een groot, belangrikste leerstelling in die Bybel. Jesus het gesê dat Hy sy kerk op hierdie waarheid sou bou (Matthéüs 16:13-18). Johannes het gesê dat dit die een punt is wat hy wil hê jy moet uit Sy geskrifte haal (Joh. 20:30, 31). Johannes het ook gesê dat om te glo dat Jesus die Seun van God is, die sleutel is om die wêreld te oorwin (1 Johannes 5:5). Dit is hierdie waarheid wat die skoonheid van God se liefde ontsluit (1 Johannes 4:9, 10), en dit is hierdie waarheid wat jou karakter na die beeld van God sal verander (2 Korintiërs 3:18).

Ek wil graag hê jy moet oor die volgende saak nadink. Selfs Trinitariërs, wanneer hulle bekeerlinge van die wêreld soek, sal nooit die Drie-eenheidsleer gebruik om sondaars tot bekering te bring nie, maar hulle gebruik eerder lering wat hulle dwaalleer noem, want hulle weet dit het meer krag om mense te bekeer as hul geliefde Drie-eenheidsleer. Trinitariese kerke regoor die wêreld sal vir sondaars sê dat God hulle so lief het dat Hy sy Seun gegee het om vir hulle sondes te sterf. Dit bereik die harte van voornemende bekeerlinge en bring vir hulle krag in hul lewens om sonde te oorwin. Tog, ongelukkig, nadat hulle bekeer is en deel van die kerk geword het, word hulle vertel dat Jesus nie

werklik die Seun van God is nie, maar die tweede persoon van die Drie-eenheid, en dat die Seun nie vir hulle sondes kon sterf nie, want God kan nie sterf nie. So word die waarheid, wat hulle aanvanklik krag gegee het, totaal en al verwyder, wat hulle met 'n vorm van godsaligheid sonder krag laat.

As 'n Trinitariër 'n verlore sondaar sou nader en sê: “God het jou so lief dat Hy sy metgesel na die wêreld gestuur het om voor te gee dat hy sy Seun is en om voor te gee dat hy vir jou sterf,” sou dit totaal en al nutteloos wees, en sal die sondaar hom nooit tot die Here bekeer nie. Jesus het gesê: “Die waarheid sal julle vry maak.” (Johannes 8:32) Die waarheid is wat mense bekeer en vrymaak, nie leuens nie.

Die meeste teoloë sal erken dat die drie-eenheid nie eksplisiet in die Ou Testament geleer word nie. Sommige het verse gevind wat moontlik die idee kan ondersteun, maar dit word nêrens in die Ou Testament duidelik verkondig nie. Hierdie feit word geïllustreer deur die Joodse gemeenskap wat as geheel enige vorm van die drie-eenheid verwerp as iets wat nêrens in die Ou Testament voorkom nie. Hulle is streng en nadruklik monoteïsties.

Weereens, die meeste teoloë sal erken dat die drie-eenheid nie eksplisiet in die Nuwe Testament verkondig word nie. Dit is waar dat daar verse is wat gebruik word om die idee te ondersteun, maar die leerstelling word nêrens in die Nuwe Testament uiteengesit nie; inteendeel, daar is 'n groot aantal verse in stryd daarmee. Eers toe die Rooms-Katolieke kerk die heidendom met die Christendom begin saamsmelt het, is die “Christelike” drie-eenheidsleer aan die wêreld bekendgestel. Die meeste kerke wat vandag in die drie-eenheid glo, gebruik nie taal uit die Skrif om hierdie leerstelling te definieer nie, maar leen eerder taal van Katolieke kerkvaders of belydenisskrifte om die leerstelling uiteen te sit.

Dink hieroor na. As die drie-eenheid werklik die waarheid is wat God wil hê ons moet glo, dan het Hy nie daarin geslaag om dit oor te dra vir die eerste 4 000 jaar van die aarde se geskiedenis nie. Groot manne van ouds, soos Noag, Abraham, Isak, Jakob, Josef, Moses, Koning Dawid, Daniël, ens., het almal gesterf sonder die geringste aanduiding van die idee dat God 'n drie-eenheid is. Henog en Elia het hemel toe gegaan sonder om die dood te smaak, al het hulle nog nooit gehoor daarvan dat God 'n drie-eenheid is nie. Die vroeë Christelike kerk het gefloreer met duisende wat op een dag tot bekering gekom het, en tog was die drie-eenheid vir hulle ‘n vreemde konsep. Indien die drie-eenheid waar was, dan het die Katolieke Kerk uiteindelik, ongeveer vierhonderd jaar na Christus se dood, uitgepluis dat God 'n drie-eenheid is en God kon dit

uiteindelik aan die wêreld duidelik maak deur gebruik te maak van kerkformules en belydenisskrifte waaroor gestem is by die Raad van Nicea en die Raad van Konstantinopel in 325 en 381 n.C.

Vriende, dit kan nie die geval wees nie. Die noodsaaklike kennis vir verlossing is aan Adam en Eva geopenbaar en is in elke geslag deur God se volk geken, en die drie-eenheid was nie deel van hierdie kennis nie. Jesus het self gesê dat die ewige lewe daarvan afhang om die enigste ware God en Jesus Christus te ken, nie 'n drie-eenheid nie. Die enigste leerstellige belydenis wat voor die doop in die Bybel gegee is, was "Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is" (Handelinge 8:37). In baie kerke moet jy vandag jou geloof in 'n drie-eenheid voor die doop bely. Dit was nie deel van die vroeë Christendom nie. Kort na die Raad van Nicea in 325 n.C. waar die drie-eenheidsleer in sy vroeë vormingsjare was, het een verstomde Christen geskryf:

"Ons het nog nooit, my heer, van twee ongebore wesens gehoor nie, en ook nie van een wat in twee verdeel is nie;... maar dat daar een ongebore is, en 'n ander waarlik vanuit Hom is" ('n Brief geskryf deur Eusebius van Nicomedia soos gevind in *An Historical View of the Council of Nice*, deur Isaac Boyle, bladsy 41. Hierdie boek is ingesluit in Baker Book House se *Eusebius' Ecclesiastical History*.)

Die drie-eenheidsleer was 'n verrassing en 'n skok vir die vroeë Christendom. Ongelukkig word dit vandag amper universeel as waarheid aanvaar, al word dit nie in die Skrif gevind nie en die verwarrende teenstrydighede daarvan nie versoen kan word nie.

Ons word vermaan om "kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is." (Judas 1:3), en die drie-eenheid is nie deel van daardie geloof nie. Dit word nie in die Skrif gevind nie. Dit is 'n vreemde god wat ons vaders nie geken het nie.

Ek bid dat jy "gemeenskap met die Vader en met sy Seun Jesus Christus" sal hê (1 Johannes 1:3). Ek groet jou met die groet van Paulus, "Vrede vir die broeders en liefde, met geloof, van God die Vader en die Here Jesus Christus! (Efésiërs 6:23)."

Hoofstuk 3

# Die Heilige Gees van God

In die eerste twee hoofstukke het ons ondersoek wat die Bybel sê oor God, die Vader en Sy eniggebore Seun, Jesus Christus. Ons het geleer dat "daar maar een God is, die Vader" (1 Korinthiërs 8:6). wat "die enigste ware God" is (Johannes 17:3). Ons het ook geleer dat God 'n werklike Seun het, wat God se "eersgeborene", "heilige kind" en "die eniggebore Seun van God" is (Kolossense 1:15; Handelinge 4:30; Johannes 3:18).

Tog is dit nie die einde van die storie nie. Jesus het belowe om "'n ander Trooster" te gee (Johannes 14:16). In Sy laaste toespraak aan Sy dissipels, die aand voor Sy dood, het Jesus hulle vertel van 'n gawe wat hulle sou ontvang, om hulle te help na Sy vertrek.

Jesus het gesê: "As julle My liefhet, bewaar my gebooie. En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om vir ewig by julle te bly..." (Johannes 14:15, 16). Die doel van die gawe van die Trooster is dat Hy vir ewig by die dissipels bly. Dit was uitstekende nuus vir die dissipels, want hulle was hartseer om van Christus se spoedige heengaan te hoor. Jesus het Sy toespraak voortgesit en gesê Hy stuur "die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. " (Johannes 14:17).

Jesus het gesê dat die wêreld nie die Gees van die waarheid kan ontvang nie, omdat dit Hom nie gesien of geken het nie. Die wêreld sien nie hierdie gawe wat vir hulle beskikbaar is nie, en ken ook nie die Persoon van die Trooster nie.

Onmiddellik na hierdie verduideliking het Jesus iets ontstellend gesê. Hy het vir Sy dissipels gesê: "maar julle ken Hom." (vers 17). Hoe kon die dissipels die beloofde "Trooster, die Heilige Gees" ken (v. 26), as Jesus nog nie vir die gawe gebid het nie, en dit blykbaar nog nie gegee is nie? Johannes het gesê, "die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie. " (Johannes 7:39).

Jesus het verduidelik: "maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees." (Johannes 14:17). Wie het by die dissipels gewoon? Jesus Christus! Jesus het verduidelik dat hierdie Persoon wat by hulle was, binnekort in hulle sou wees. Dit sal beslis beter wees vir die Trooster om in die dissipels te woon eerder as om daar êrens by hulle te wees. Dit is presies

wat Jesus 'n rukkie later gesê het. In dieselfde toespraak het Jesus gesê: "Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur" (Johannes 16:7).

Jesus het gesê dat sy dissipels beter daaraan toe sou wees as Hy hulle verlaat, na sy Vader gaan en die Trooster stuur om in hulle te woon. Hy het ook daarop gewys dat die koms van die Trooster afhang van Sy vertrek, en verheerliking. Solank as wat Christus as mens op aarde geleef het, was dit nie moontlik vir hierdie beloofde Trooster om in die dissipels te kom woon nie.

Jesus het nie Sy gesprek in vers 17 beëindig nie. In die volgende vers het Hy gesê: "Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe." (Joh. 14:18). Dit werp baie lig op die saak. Dit verduidelik waarom die Trooster eers kon kom nadat Christus weggegaan en verheerlik is, want Christus het gesê dat Hy self na sy dissipels sou terugkom om hulle te vertroos.

Kom ons gaan voort om Christus se woorde te lees om te sien hoe Hy hierdie punt versterk het. Hy het gesê: "Nog 'n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe. In dié dag sal julle weet dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle." (Johannes 14:19, 20). 'n Paar oomblikke vantevore het Jesus vir Sy dissipels gesê dat die Trooster "in julle sal wees". Nou sê Jesus dat wanneer die Trooster kom, "julle sal weet dat Ek in julle is." Jesus het sy dissipels verseker dat Hy nie iemand anders sou stuur om hulle te troos nie, maar dat Hy self sou kom om hulle Trooster te wees. Is dit nie pragtig nie! Die dissipels het hegte vriendskappe met Christus gesmee; so heg dat Johannes gemaklik gevoel het om aan Sy boesem te leun. Dit was vir hulle 'n troos toe Christus by hulle was. Nou vertel Jesus vir hulle wonderlike nuus. Hy sê vir hulle dat nadat Hy na Sy Vader gegaan het, Hy na hulle sou terugkom as die Trooster, en hulle sou weet dat dit Hy was wat in hulle woon - hulle sou erken dat dieselfde Persoon wat by hulle was, nou in hulle was, deur Sy Gees.

Vervolgens het Jesus iets gesê wat veroorsaak het dat een van Sy dissipels by Hom navraag gedoen het hoe dit kon plaasvind. Jesus het gesê: "Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar. Judas, nie die Iskáriot nie, sê vir Hom: Here, hoe is dit dat U aan ons U sal openbaar en nie aan die wêreld nie? Jesus antwoord en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal

hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.” (Johannes 14:21-23).

Baie mense glo dat Jesus in Johannes 14 probeer het om Sy dissipels te leer dat God 'n drie-eenheid is, dat die Heilige Gees 'n derde lid van die Goddelike gesin is. Tog, toe Jesus gevra is om Homself te verduidelik, het Hy niks gesê wat soortgelyk is aan “God is 'n drie-eenheid van persone” nie. In plaas daarvan het Jesus dit baie duidelik gemaak dat Hy, nadat Hy die wêreld verlaat het, sou terugkom om in die harte van Sy dissipels te woon. Nie net sou Hy terugkeer nie, maar Sy Vader sou saam met Hom kom, sodat hulle albei in die harte van Sy kinders sou leef, nie fisies nie, maar deur God se Gees. Op hierdie manier kon die dissipels intieme gemeenskap met beide die Vader en Sy Seun hê. Johannes het dit beklemtoon toe hy geskryf het: “Wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.” (1 Johannes 1:3).

Aan die begin van Christus se toespraak by die laaste maaltyd het Hy gesê: “Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My. In die huis van my Vader is daar baie wonings; as dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek te berei.” (Johannes 14:1, 2). As die koms van die Trooster iets anders was as beide die Vader en die Seun, sou Hy dit vir ons gesê het. As God uit drie persone bestaan het, sou Hy vir ons gesê het. As die enigste ware God meer as net die Vader was, sou Jesus dit vir ons gesê het. In plaas daarvan het Hy aan die einde van hierdie toespraak gesê dat Sy Vader “die enigste ware God” is (Johannes 17:3). As Jesus wou hê ons moet glo dat God 'n drie-eenheid is, het Hy dit maar baie vaag gestel. Hy het baie geleenthede gehad om te verduidelik dat God 'n drie-eenheid is, maar Hy het dit nooit gedoen nie. Hy het nie net versuim om vir ons te sê God is 'n drie-eenheid nie, Hy het oor en oor stellings gemaak wat nie in harmonie is met die leerstelling van die drie-eenheid nie. As Hy wou hê ons moet glo dat God 'n drie-eenheid is, het Hy baie stellings gemaak wat net sou dien tot verwarring eerder as om dinge op te klaar. Maar “God is nie ‘n God van wanorde nie`” (1 Korintiërs 14:33). Jesus wil hê ons moet glo dat “daar een God is; en daar is geen ander behalwe Hy nie,” naamlik “God die Vader,” wat “die enigste ware God” is (Markus 12:32; Johannes 6:27; 17:3).

Johannes het die lieflike waarheid van God, die Vader en Sy Seun, Jesus Christus, wat in ons leef, in verskeie ander verse uitgedruk. Hy het geskryf: “Elkeen wat ‘n oortreder is en nie bly in die leer van Christus nie, hy het God nie. Wie in die leer van Christus bly, hy het die Vader sowel as die Seun.”

(2 Joh. 1:9). In 1 Johannes 2:22, 23 het hy geskryf: “Wie is die leuenaar anders as hy wat nie wil erken dat Jesus werklik die Christus is nie? Hý is die antichris, hy wat nie die Vader en die Seun wil erken nie. Wie nie die Seun erken nie, verwerp ook die Vader; wie die Seun erken, erken ook die Vader.” Dit is werklik 'n seën om ‘n persoonlike gemeenskap met beide die Vader en Sy Seun te hê, en ek is baie dankbaar dat God dit aan ons beskikbaar gestel het.

## *Die Beloofde Trooster*

Toe Jesus op die punt gestaan het om na die hemel op te vaar, het Hy sy dissipels beveel “nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het.” (Hand. 1:4). Jesus het Sy dissipels vorentoe gewys na die dag wanneer die Heilige Gees met groot krag oor hulle uitgestort sou word. Hy het voortgegaan: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde. ” (Hand. 1:8).

Die dissipels het in die bovertrek in Jerusalem gewag dat die Gees uitgestort word, volgens die belofte. Dit het gekom, en daarna het hulle die evangelie van Jesus Christus met krag verkondig aan baie Jode wat in Jerusalem vergader het. Aangaande die uitstorting van die Gees het Petrus gesê: “Hierdie Jesus het God opgewek, waarvan ons almal getuies is. Nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor.” (Hand. 2:32, 33).

Die gawe wat met Pinkster uitgestort is, word vandag nog aan ons beskikbaar gestel, en ons kan dit ontvang as ons dit erken en aanvaar. Tog was die gawe van die Heilige Gees nie altyd op dieselfde manier beskikbaar nie. Trouens, die Bybel sê vir ons dat God iets beters vir ons voorsien het as wat Hy gedoen het vir almal wat geleef het voordat Christus na hierdie aarde gekom het. Ons lees hiervan in Hebreërs 11. Nadat verslag gedoen is van die magtige geloof van die aartsvaders en profete in die Ou Testament, eindig die hoofstuk deur te sê: “En alhoewel hulle almal deur die geloof getuienis ontvang het, het hulle die belofte nie verkry nie, omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie.” (Hebreërs 11:39, 40). Dit is wonderlik! God het aan ons iets beters voorsien as wat Hy aan al daardie magtige manne en vroue van geloof in Hebreërs voorsien het.

Hulle het almal gesterf sonder om die belofte van die Trooster te ontvang waarvan Jesus in Johannes 14 en in Handelinge 1 gepraat het.

Moet my asseblief nie verkeerd verstaan nie, die Heilige Gees het lank voor Pinksterdag alreeds in die harte van mense gewerk en hulle gehelp om sonde te oorwin. Die aartsvader Dawid het geskryf: "Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie." (Psalm 51:13). Dit wys dat die Heilige Gees reeds aan die werk was voordat Christus aarde toe gekom het. Nie net dit nie, maar om meer spesifiek te wees, die Bybel sê dat die Gees van Christus in die Ou Testamentiese tye gewerk het. Petrus het oor die profete geskryf: "Aangaande hierdie saligheid het die profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors, en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna." (1 Petrus 1:10, 11). Die Gees van Christus was lank voor Pinksterdag in die profete, maar volgens die Skrif was daar iets besonders aan die koms van die Trooster op Pinksterdag; iets anders en beter as wat nog ooit tevore uitgestort is. Kom ons lees oor hierdie groter gawe.

## Iets Beters

In Hebreërs 2:18 vind ons die sleutel wat verduidelik wat beter was aan Pinksterdag se uitstorting van die Heilige Gees. Dit sê: "Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word." Hier is die antwoord! Dit is iets beters wat vandag vir ons beskikbaar is, wat nie vir die profete van ouds beskikbaar was nie. Al het die Gees van Christus in die profete gewoon, was Christus nog nie versoek nie, en daarom kon Hy hulle nie help op dieselfde manier as wat Hy ons nou kan help nie. Die woord "help" in hierdie vers is vertaal van die Griekse woord βοηθησαι, wat beteken "om te help, te verlig" en, soos *Thayer's Greek Lexicon* dit stel, beteken dit ook, "om te hulp te snel in reaksie op die geroep van diegene in gevaar." Ek hou van daardie definisie! Die vers sê vir ons dat, omdat Christus gely het deur versoeking, Hy in staat is om ons vinnig te hulp te snel wanneer ons na Hom roep om hulp met ons versoekings. Die Bybel sê: "Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer." (Psalm 50:15). Wanneer ons versoek word, is ons in ernstige moeilikheid, en as ons die Here om hulp aanroep, sal Hy ons dadelik te hulp snel, en ons die oorwinning gee wat ons so broodnodig het. Christus is in staat om dit vir ons te doen op 'n manier dat Hy dit nie vir die profete van ouds kon doen nie, want vandag het

Hy reeds ervaar hoe dit is om versoek te word. Dit is hoekom Jesus die Trooster, "´n ander Trooster" genoem het. Die Griekse woord αλλον, wat in hierdie vers met "ander" vertaal is, is in die Griekse vertaling van die Ou Testament, in 1 Samuel 10:6, gebruik. Hier sê dit van Saul: "En die Gees van die HERE sal oor jou vaardig word, sodat jy saam met hulle sal profeteer en in 'n ander mens verander word." (1 Samuel 10:6). Saul het 'n ander man geword, as gevolg van die ondervinding wat hy deurgemaak het. Jesus het 'n ander Trooster geword, want nou het Hy ervaar wat dit is om versoek te word.

Dink vir 'n wyle hieraan. Gestel jou tienerseun het in 'n vliegtuigongeluk gesterf, en die week daarna het jou gade in 'n motorongeluk gesterf. Gestel nou dat ek na jou toe kom en sê: "Ek weet presies waardeur jy gaan," al was ek nog nooit deur daardie ervaring nie. Sou ek jou met hierdie woorde kon troos? Ek twyfel! As ek nog nooit ervaar het waardeur jy gaan nie, is dit vir my baie moeilik om te verstaan wat jy voel, of om te weet hoe om jou daardeur te help. Al is ek gestuur deur iemand wat die tipe ontberings ervaar het waardeur jy gaan, sal my troos aan jou nie dieselfde wees as die troos gebied deur een wat jou trauma self beleef het nie.

Baie Christene glo dat Jesus as 'n mens na hierdie aarde gekom het en ervaar het hoe dit is om beproewinge en versoekings te hê, en toe teruggekeer het hemel toe om iemand anders te stuur om ons te troos. As dit waar was, hoekom het Hy hom nie net in die eerste plek gestuur nie? Een wat ons hartseer ervaar het, is meer bekwaam om ons te troos as iemand anders wat net namens hom gestuur is.

Die Bybel sê dat Jesus Christus "in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde." (Hebreërs 4:15). Jesus Christus het ervaar waardeur ons gaan wanneer ons versoek word en daarom is Hy in staat om ons te help in ons versoekings in 'n groter mate as wat Hy kon doen voordat Hy aarde toe gekom het. Dit is Hy wat gesê het: Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. Prys die Here dat ons Trooster weet waardeur ons gaan in ons stryd met versoeking. Ons word 'n kosbare belofte gegee in 1 Korintiërs 10:13. Dit sê: "Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra." Die ontsnappingsroete wat God vir ons voorsien, is om die Here aan te roep om hulp. Wanneer ons ook al versoek word, as ons Hom aanroep, sal Hy ons help. En God het belowe dat Hy vir elke versoeking hierdie ontsnappingsroete gemaak het. Daardie ou gesegde, "die duiwel het my dit laat doen," is heeltemal onwaar. Die duiwel kan jou niks laat doen nie. Hy kan

sterk lokmiddels gebruik, maar hy kan jou nooit dwing om te sondig nie. Daar is altyd 'n oplossing, en ons Trooster is gretig om aan ons die oorwinning te gee.

Jesus het gesê dat "…as Hy [die Trooster] kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel" (Johannes 16:8). Dit is presies wat die Bybel sê Jesus sou doen wanneer Hy na ons terugkom as ons Trooster. Die Bybel sê: "Omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!" (Galasiërs 4:6). En in die boek Handelinge lees ons: "God het, nadat Hy sy Kind Jesus opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te seën deur elkeen van sy booshede te bekeer." (Hand 3:26). Nadat God sy Seun uit die dood opgewek het, het Hy sy Gees in ons harte gestuur om ons te seën en sodoende ons van ons sondes te bekeer. Jesus Christus is die beste Persoon wat gekwalifiseer is om hierdie werk te doen, omdat Hy "in alle opsigte versoek is soos ons, maar sonder sonde" (Hebreërs 4:15). Prys die Here dat ons 'n Trooster het wat weet waardeur ons gaan in ons stryd met versoeking, en ons beter as enigiemand anders daardeur kan help.

Dit is die gawe wat God gretig is om te gee aan almal wat vra (Luk.11:13). Dit is die gawe wat "die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie" (Johannes 14:17). Die wêreld erken nie dat hierdie gawe bestaan nie; hulle weet nie wie hulle Trooster is nie, en daarom kan hulle Hom nie ontvang nie. Vriende, God wil nie hê dat julle soos die res van die wêreld moet wees nie, Hy wil hê julle moet weet wie julle Trooster is, sodat julle die volle voordele van hierdie geseënde gawe kan ontvang. Jesus het gesê: "Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe." (Johannes 14:18). Jesus Christus, die Seun van God, is ons Trooster. Trouens, Johannes het presies dit vir ons vertel in 1 Johannes 2:1. Let op wat hy hier geskryf het: "My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak [παρακλητος: Trooster] by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige." Die ander vier kere wat παρακλητος in die Bybel gebruik is, is dit vertaal met Trooster. In Grieks is daar geen onderskeid tussen die Voorspraak in hierdie vers en die Trooster in Johannes se ander geskrifte nie, en hier sê Johannes duidelik vir ons dat die Trooster Jesus Christus is.

Die Bybel sê van Jesus: "Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree." (Hebreërs 7:25). Jesus is ons voorbidder, ons middelaar. Die Bybel sê: "Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus"

(1 Timótheüs 2:5). Hoeveel middelaars het ons tussen ons en God? Een! Tog sê die Bybel: “Net so kom die Gees ook ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met onuitspreeklike sugtinge” (Romeine 8:26). Die Gees tree vir ons in as ons Voorspraak en Trooster. Hierdie Gees wat vir ons intree, is die Gees van Jesus Christus. In hierdie vers word (in Engelse Vertalings) na die Gees verwys met die voornaamwoord “*itself*”. In Engels lyk dit vreemd omdat ons nie na 'n persoon sal verwys as “dit” of “*itself*” nie, maar die Bybel verwys verskeie kere so na die Heilige Gees.

Paulus het geskryf: “Die Gees self [*itself*] getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is” (Romeine 8:16). Petrus het geskryf: “…hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy [*it*] vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna.” (1 Petrus 1:11). Hier word die Gees van Christus "*it*" genoem in the Engelse King James Vertaling. Johannes die Doper het dieselfde gedoen toe hy gesê het: “Ek het die Gees soos ‘n duif uit die hemel sien neerdaal, en Hy [*it*] het op Hom gebly.” (Johannes 1:32).

Die werklikheid is dat dit net so toepaslik is om na die Gees van Christus as “dit” te verwys as wat dit is om na “die gedagtes van Christus” as “dit” te verwys. Trouens, in Grieks is die woord πνευμα, wat met “Gees” vertaal is, 'n geslaglose selfstandige naamwoord, en soos die grammatikale reëls vereis, is alle voornaamwoorde wat na die Gees verwys, geslagloos, alhoewel die Afrikaanse Bybels hierdie voornaamwoorde meestal as “Hy” vertaal.

Die Griekse woord vir Trooster is manlik, en daarom is alle voornaamwoorde wat direk na die Trooster verwys manlik. Dit dui egter nie daarop dat die Heilige Gees 'n letterlike manlike individu is wat nie deel van die Vader en Sy Seun is nie. Byvoorbeeld, 'n engel het gesê: “En dit is vir julle die teken: julle sal ‘n Kindjie [βρεφος geslagloos] vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip [φατνη vroulik] lê.” (Lukas 2:12) Hier is 'n voorbeeld wat aandui dat daar nie op die geslag van Griekse selfstandige naamwoorde staatgemaak kan word om die persoonlikheid van die selfstandige naamwoorde te bepaal nie. Die Griekse woord wat met Kindjie vertaal is, is 'n geslaglose selfstandige naamwoord al is die Kindjie 'n manlike persoon. In dieselfde sin is die Griekse woord wat met krip vertaal is 'n vroulike selfstandige naamwoord al is 'n krip 'n lewelose voorwerp. As daar enige Griekse voornaamwoorde in hierdie vers was wat óf na die baba óf na die krip verwys het, sou die voornaamwoorde heel waarskynlik dieselfde geslag gewees het as die selfstandige naamwoorde wat hulle verteenwoordig.

Ek sê “heel waarskynlik” want daar is gevalle waar die taalreëls verbreek word deur die Bybelskrywers om die persoonlikheid van die persoon wat verteenwoordig word deur die Griekse voornaamwoord, aan te dui.

Die Bybelskrywers het meestal by die Griekse taalreëls met betrekking tot voornaamwoorde gehou. Johannes het byvoorbeeld geskryf: “Want die Lam [αρνιον geslagloos] wat [το geslagloos] in die middel van die troon is, sal hulle laat wei …” (Openbaring 7:17). Hier het Johannes streng by die reëls van die Griekse taalreëls gehou en 'n geslaglose voornaamwoord vir “die Lam” gebruik, al was daar reeds vasgestel dat die Lam die Seun van God is. Maar later het Johannes geskryf, “En ek het gesien, en kyk, die Lam [αρνιον geslagloos] staan op die berg Sion, en saam met hom [αυτου manlik] honderd vier en veertig duisend, met die Naam van sy [αυτου manlike] Vader op hulle voorhoofde geskryf” (Openbaring 14:1). Hier het Johannes die Griekse taalreëls verbreek en na die Lam verwys met manlike voornaamwoorde, al is die woord “Lam” geslagloos in Grieks.

Johannes was nie die enigste Bybelskrywer wat die reëls van die Griekse taalreëls oortree het om die werklike persoonlikheid van die een wat deur 'n voornaamwoord verteenwoordig word, te demonstreer nie. Markus het geskryf: “Toe gryp Hy die hand van die kind [παιδιου geslagloos] en sê vir haar[αυτη vroulik]: Talíta, koemi! wat, as dit vertaal word, beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!” (Markus 5:41). Vir meer voorbeelde soos hierdie, lees Matthéüs 2:13, 14, 20, 21; Lukas 1:59, 80; 2:21.

Daar is Bybelse presedent dat Johannes die Griekse taalreëls kon verbreek wanneer hy na die Heilige Gees verwys om dit persoonlikheid te gee deur manlike voornaamwoorde met verwysing daarna te gebruik. Maar hy het dit nooit gedoen nie! Sommige trinitariërs het aangevoer dat Johannes eintlik die Griekse taalreëls oortree het deur manlike voornaamwoorde te gebruik om na die Heilige Gees te verwys. Maar in hierdie gevalle het Johannes in werklikheid na die manlike selfstandige naamwoord, Trooster, verwys, en nie na die geslaglose selfstandige naamwoord, Gees, nie, en het geen taalreëls oortree nie. Hierdie veronderstelde gebroke taalreëls is in Johannes 14:26; 15:26; 16:7, 8, 13, 14, maar al hierdie manlike voornaamwoorde verwys terug na die manlike selfstandige naamwoord Trooster en nie na die geslaglose selfstandige naamwoord Gees nie. In werklikheid het Johannes nie die Griekse taalreëls oortree om na die Heilige Gees met manlike voornaamwoorde te verwys nie. Op al die plekke waar Johannes eintlik voornaamwoorde gebruik het om na die Gees te verwys, het hy geslaglose voornaamwoorde gebruik.

Johannes het geskryf, “En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle ‘n ander Trooster [παρακλητον manlik] gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees [πνευμα geslagloos] van die waarheid wat [ο geslagloos] die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom [αυτο geslagloos] nie sien en Hom [αυτο geslagloos] nie ken nie; maar julle ken Hom [αυτο geslagloos], omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.” (Johannes 14:16, 17). Vir meer voorbeelde van waar geslaglose voornaamwoorde vir die Gees gebruik is, lees Johannes 7:39; Handelinge 5:32; Romeine 8:16, 26; 1 Korinthiërs 2:12; 6:19; & 1 Johannes 3:24. Ek het elke vers nagegaan waar 'n voornaamwoord vir die Heilige Gees gebruik word, en ek het nie 'n enkele geval gevind waar manlike voornaamwoorde vir die Gees gebruik is nie. Dit wil voorkom asof nie een van die Bybelskrywers die Heilige Gees verstaan het as 'n werklike aparte persoon van die Vader en Seun nie.

## *Christus is in Julle*

Wanneer jy die Gees van Christus het, het jy Christus self. Paulus het geskryf, “sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon” (Efésiërs 3:17). Sodoende kan julle “deelgenote… word van die goddelike natuur” (2 Petrus 1:4). Sonder hierdie ondervinding het Jesus gesê: “Julle het geen lewe in julle nie.” “Hy wat die Seun het, het die lewe; wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.” (1 Johannes 5:12).

Paulus het uitgeroep: “Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid.” (Kolossense 1:27). Dit is ons enigste hoop op verlossing. “As iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie.” (Romeine 8:9). Ons moet almal saam met Paulus kan sê: “Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.” (Galasiërs 2:20). “Hy wat in julle is, is groter as hy wat in die wêreld is.” (1 Johannes 4:4).

Toe Christus hier was, het Hy tot God geroep en Hom aangespreek as: “Abba, Vader” (Markus 14:36). Hierdie term dra 'n hegte, persoonlike verhouding met Sy Vader oor. Hierdie selfde verhouding word aan ons gegee. “Want julle het nie ontvang ‘n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader!” (Romeine 8:15). Wanneer ons hierdie Gees ontvang, roep ons ook: “Abba, Vader.” Paulus het verduidelik: “Omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!” (Galasiërs 4:6). Dit is Christus in jou wat uitroep “Abba, Vader.” Deur die

Gees van Sy Seun aan ons te gee, gee God ons daardie hegte, persoonlike verhouding met Homself wat Sy Seun met Hom het. Dit is pragtig!

Die grootste geskenk wat God ooit gegee het, is die gawe van sy eniggebore Seun, wat Hy gegee het om vir ons sondes te sterf, sodat ons vir ewig kan lewe (Joh. 3:16). Hy het nie net sy Seun gegee om vir ons te sterf nie, Hy het Hom gegee om in ons as ons Trooster te lewe. Prys die HERE vir so 'n groot geskenk! Ek bid dat jy hierdie gawe van Christus in jou tot sy volle potensiaal sal benut, en dat jy gereed sal wees om Jesus in vrede te ontmoet wanneer Hy terugkom om Sy mense te kom haal.

## *Wat is 'n Gees*

Ons het geleer dat God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur het om ons te vertroos, maar wat is 'n gees? Sommige mense dink dat 'n gees 'n spook sonder liggaam is, iets wat rondsweef. Is dit wat God na die wêreld stuur om ons te troos? Beslis nie! Volgens *The American Heritage Dictionary* beteken spook: "Die gees van 'n dooie persoon, daar word geglo dat dit in liggaamlike gelykenis aan die lewende persoon verskyn, of dat dit in sy voormalige habitat ronddwaal." Die Heilige Gees is nie 'n spook soos hierbo beskryf nie. Kom ons lees die Bybel om te hoor wat dit oor 'n gees te sê het.

In die boek Job staan daar: "Maar dit is die Gees in die mens en die asem van die Almagtige wat hulle verstandig maak." (Job 32:8). Daniël het verduidelik: "Die gees van my, Daniël, is in sy omhulsel verontrus" (Daniël 7:15). 'n Gees is die deel van 'n persoon wat verontrus of bedroef kan word. In Markus se evangelie lees ons: "Jesus het dadelik in sy gees geweet dat hulle by hulleself so redeneer, en Hy sê vir hulle: Wat redeneer julle oor hierdie dinge in jul harte?" (Markus 2:8). 'n Gees is die deel van 'n persoon wat dinge kan waarneem of verstaan. Die koning van Babel het 'n droom gehad, en hy het vir sy wyse manne gesê: "Ek het 'n droom gehad, en my gees is onrustig om die droom te verstaan." (Daniël 2:3). 'n Gees is die deel van 'n persoon wat onrustig kan wees. Hierdie Bybeltekste bevestig die definisie van "gees" wat in *The American Heritage Dictionary* gevind word, wat sê: "Die deel van 'n mens wat met die verstand, wil en gevoelens geassosieer word."

Die Bybel noem verskillende tipes geeste. Ons lees in die Bybel van "onrein gees", "bose gees", "stom gees", "voortreflike gees", "nederig van gees", "verslae gees", "hoogmoedige gees", "goeie gees," ens. Al hierdie geeste kan onderskei word deur die byvoeglike naamwoord wat hulle beskryf. Ons weet dat God die Vader 'n gees het (Matthéüs 10:20). Kan daardie gees

enigiets anders, of enigiets minder, as Heilig wees? Die woord “Heilig” is in elke geval 'n byvoeglike naamwoord, hetsy in Afrikaans, Engels of in Grieks. Die “Heilige Gees” is nie 'n naam nie, maar 'n beskrywing van die Gees van God.

Let op hoe Paulus die gees van die mens met die Gees van God vergelyk het: “Want wie van die mense weet wat in ‘n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God.” (1 Korintiërs 2:11). Hier word die gees van die mens vergelyk met die Gees van God. Net soos die mens 'n gees het, so het God 'n Gees, en Sy Gees, net soos die mens se gees, is die deel van Hom wat “geassosieer word met die verstand, wil en gevoelens”. Die Heilige Gees is “die heilige Gees van God” (Efésiërs 4:30). Net soos die gees van die mens, kan God se Gees bedroef of verontrus word. God se Gees behoort aan God, net soos my gees aan my behoort. Dit is te verwagte, aangesien ons na God se beeld gemaak is (Génesis 1:26).

Gestel ek het vir jou gesê: “Ek weet dat ons al voorheen ontmoet het, maar het jy al ooit my gees ontmoet? Ek wil jou graag aan my gees voorstel, hy sit daar op daardie stoel.” Wat sou jy dink? Jy sal dadelik besef dat ek 'n verdraaide konsep het van wat my gees is. Dit is nie 'n ander persoon, iets buite myself nie. My gees is regtig ek, dit is wie ek is. As ek sê: “Dis heerlik om by my ma te kuier; sy het 'n voortreflike gees,” sou jy nie dink ek praat van twee persone nie. Ek sou net van een persoon praat, naamlik my ma, wat 'n aangename persoonlikheid en karakter het.

Ek wil graag hê jy moet iets raaksien oor die gebruik van die term “Heilige Gees” in die Bybel. Lukas het 'n gesprek opgeteken wat Jesus met Sy dissipels gehad het. Jesus het gesê: “En wanneer hulle jul sal bring voor die sinagoges en die owerhede en die gesaghebbers, moet julle jul nie kwel oor hoe of waarmee julle jul sal verdedig, of wat julle sal sê nie; want die Heilige Gees sal julle in dieselfde uur leer wat julle moet sê.” (Lukas 12:11, 12). Matthéüs teken dieselfde gesprek op, maar let op die verskillende woorde wat hy gebruik om die Heilige Gees te beskryf: “Maar wanneer hulle jul oorlewer, moenie julle kwel oor hoe of wat julle sal spreek nie, want dit sal julle in daardie uur gegee word wat julle moet spreek; want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Gees van julle Vader wat in julle spreek.” (Matthéüs 10:19, 20).

Hier sien ons dat die Heilige Gees “die Gees van julle Vader” genoem word. Dit is baie gepas, want later het Jesus gesê: “Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid

wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig." (Joh. 15:26). Hier het Jesus verduidelik dat "die Trooster, die Heilige Gees" (Joh. 14:26) van die Vader uitgaan. Met ander woorde, die Vader is die bron van die Heilige Gees, want dit is Sy Gees. Passop om hierdie te verwar. Ons het vroeër gesien dat Jesus Christus ons Trooster is. Let op, in die vers wat ons sopas gelees het, het Jesus gesê dat Hy die Trooster, wat van die Vader kom, sal stuur. Dit is presies wat Petrus op Pinksterdag gesê het, toe hy verduidelik het dat Jesus, "nadat Hy dan deur die regterhand van God verhoog is en van die Vader die belofte van die Heilige Gees ontvang het, het Hy dít uitgestort, wat julle nou sien en hoor." (Hand. 2:33). Die Trooster kom van die Vader, deur die Seun, na ons toe. Paulus het dit so verduidelik: "Nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser." (Titus 3:5, 6)

So sien ons dat die Heilige Gees die Gees van die Vader is, wat Hy na ons stuur deur Jesus Christus, en wanneer ons die Gees ontvang, ontvang ons beide die Gees van die Vader en die Gees van Sy Seun. Twee Persone kom woon in ons, en ons het gemeenskap met beide die Vader en Sy Seun. Die Trooster kan met reg óf die Gees van die Vader óf die Gees van Christus, of albei genoem word. Ons vind dat Paulus hierdie terme in die volgende skrif verwissel: "Julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. Maar as Christus in julle is, dan is die liggaam dood vanweë die sonde, maar die gees is lewe vanweë die geregtigheid. En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon." (Romeine 8:9-11).

## Twee Goddelike Persone

Sommige mense raak verward oor die Heilige Gees, asof dit 'n derde individu is, wat buite God die Vader en Sy Seun, Jesus Christus bestaan. Ek wil jou graag 'n paar feite in die Bybel wys.

Daar is 27 boeke in die Nuwe Testament. Vyftien van hulle begin met 'n groet ('n aanvangsparagraaf) soortgelyk aan hierdie: "Genade vir julle en vrede van God die Vader en onse Here Jesus Christus." (Galasiërs 1:3). Al

hierdie aanvangsparagrawe noem nie een die Heilige Gees as 'n afsonderlike individu nie.[1]

Paulus begin sy brief aan die Thessalonicense, “Paulus en Silvanus en Timótheüs, aan die gemeente van die Thessalonicense wat in God die Vader en in die Here Jesus Christus is: Genade vir julle en vrede van God ons Vader en die Here Jesus Christus.” (1 Thessalonicense` 1:1). Paulus het geleer dat God die Vader is en Jesus ons Here. Paulus het aan hierdie heidene geskryf, “...hoe julle julle van die afgode tot God bekeer het en nou die lewende en ware God dien en dat julle sy Seun wat Hy uit die dood opgewek het, uit die hemel verwag, Jesus deur wie ons gered word van die oordeel wat kom.” (1 Thessalonicense 1:9, 10, AFR83). Dit is duidelik dat God die Vader in Paulus se denke die “ware God” is, net soos Jesus gesê het (Johannes 17:3). Paulus het ook in die Heilige Gees geglo, maar let op wat hy daaroor gesê het: “Hy wat dit verwerp, verwerp nie ‘n mens nie, maar God wat ook sy Heilige Gees aan ons gegee het.” (1 Thessalonicense 4:8). Die Heilige Gees is die eiendom van iemand, dit is die eiendom van God die Vader, dit is Sy eie Gees, wat heilig is.

Toe Jesus se gesag en Sy getrouheid aan die Woord deur die Jode aan die kaak gestel is, het Jesus twee individue genoem wat van Hom getuig: Homself en Sy Vader. Hy het gesê: “En al oordeel Ek, my oordeel is waar, omdat Ek nie alleen is nie, maar Ek en die Vader wat My gestuur het. En dit is ook in julle wet geskrywe dat die getuienis van twee mense waar is. Dit is Ek wat van Myself getuig; en die Vader wat My gestuur het, getuig van My.” (Johannes 8:16-18). As Jesus geweet het van 'n derde goddelike persoon wat namens Hom kon getuig, sou Hy hom heel waarskynlik hier genoem het (Prediker 4:9-12), maar Hy het nie.

Jesus het herhaaldelik van Homself en Sy Vader gepraat, met verwysing na Sy Vader as God, sowel as die gebruik van die voornaamwoorde “Hom”,

---

[1] Openbaring 1:4 noem “die sewe Geeste wat voor [die Vader se] troon is”, maar dit verwys nie na 'n afsonderlike individu wat, “die Gees” genoem word nie. Indien wel, sou dit na sewe individue verwys. In Openbaring 3:1 word gesê dat Jesus “die sewe Geeste van God” het, wat wys dat die sewe Geeste aan God behoort. Sewe is 'n volmaakte getal, wat volledigheid aandui. Die sewe Geeste van God kan die volledige manifestasie van God se Gees of moontlik die hele engele leërskare verteenwoordig. (Vir meer inligting, kontak ons om die boek getiteld, *Answering Objections* aan te vra.)

“Hy” of “Syne”, wat aandui dat God 'n enkelvoudige Persoon buiten Christus is. Jesus het vir sy dissipels gesê: “Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My” (Johannes 14:1). Jesus het van Homself gepraat as iemand bykomend tot God. Vir Jesus is God Sy Vader, en Hy is God se Seun. Nooit het Jesus na Homself en Sy Vader gesamentlik as “Hom” of “Hy” verwys nie. In plaas daarvan het Hy altyd verwys na “Ons,” en in elkeen van hierdie gevalle het Hy nooit ’n derde individu ingesluit wat “die Heilige Gees” genoem word nie.

Toe Jesus gevra is om sy lering oor die Trooster te verduidelik, “antwoord Jesus en sê vir hom: As iemand My liefhet, sal hy my woord bewaar, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.” (Johannes 14:23). Die “Ons” in hierdie vers verwys uitsluitlik na beide die Vader en Sy Seun. Hy het nie verwys na 'n derde individu wat in Sy dissipels woon nie. Jesus het gesê: “Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke. Glo My dat Ek in die Vader is, en die Vader in My; of anders, glo My ter wille van die werke self.” (Johannes 14:10,11). Daar is geen aanduiding van 'n derde goddelike individu in hierdie verduideliking nie.

Toe Jesus gepraat het van die Jode wat Hom haat, het Hy gesê: “Wie my haat, haat ook my Vader. As Ek nie die werke onder hulle gedoen het wat niemand anders gedoen het nie, sou hulle geen sonde hê nie. Maar nou het hulle dit gesien, en tog het hulle My sowel as my Vader gehaat.” (Johannes 15:23, 24). Jesus het herhaaldelik oor Homself en Sy Vader gepraat, sonder enige melding van 'n ander individu.

Jesus het voortgegaan, “En dit sal hulle aan julle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie. ” (Johannes 16:3) In een van die duidelikste beskrywings van wie God is, het Jesus gesê: “En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.” (Johannes 17:3). Die ewige lewe hang daarvan af om slegs die Vader en Sy Seun te ken. Dit is nie nodig om 'n derde individu te ken nie.

In Jesus se slotgebed aan sy Vader het Hy gesê: “En Ek is nie meer in die wêreld nie, maar hulle is in die wêreld; en Ek kom na U toe. Heilige Vader, bewaar in u Naam die wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees net soos Ons.” (Johannes 17:11). Weereens, die “Ons” in hierdie vers verwys uitsluitlik na die Vader en Sy Seun.

Vroeër in hierdie gebed het Jesus Sy Vader gevra: “En nou, o Vader, verheerlik My by Uself met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld was.” (Johannes 17:5). Dit lyk dalk vreemd dat die Vader Homself aan sy Seun kon gee, maar dit is presies wat Hy gedoen het. Dit is wat God doen wanneer Hy Sy Gees gee; Hy gee Homself.

Johannes het geskryf: “Want Hy wat God gestuur het, spreek die woorde van God; want God gee Hom die Gees nie met mate nie.” (Joh. 3:34). God het aan sy Seun sy eie Gees (Homself) sonder maat gegee.

Later in Christus se gebed sê Hy: “…dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. En Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het, sodat hulle een kan wees, net soos Ons een is.” (Joh. 17:21-22). Let op die verband hier. Jesus het pas verduidelik dat die heerlikheid wat Hy van sy Vader ontvang het, sy Vader self was. Toe sê Hy dat Hy hierdie heerlikheid aan ons gee. Jesus gee vir ons Sy Vader self, Sy teenwoordigheid, Sy Gees. God se Gees is Hyself.

Toe Paulus Timótheüs beveel het om die dinge te onderhou wat hy geleer is, het hy die hemel opgeroep om hierdie plegtige opdrag aan te hoor. Hy het geskryf: “Ek besweer jou voor God en die Here Jesus Christus en die uitverkore engele dat jy hierdie dinge sonder vooroordeel in ag neem en niks uit partydigheid doen nie.” (1 Timótheüs 5:21). As Paulus geweet het van 'n derde goddelike individu, sou hy hom sekerlik hier genoem het, maar hy het nie. As daar 'n derde goddelike persoon was, sou Paulus hom beledig het deur hom nie te noem nie, en om dit verder te neem, het hy selfs die engele in plaas van ‘n derde persoon genoem. Paulus het definitief nie geglo dat 'n derde goddelike persoon bestaan nie.

Toe Jesus van sy wederkoms gepraat het, het Hy gesê: “Want elkeen wat hom skaam vir My en my woorde, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom in sy heerlikheid en dié van die Vader en van die heilige engele.” (Lukas 9:26). Jesus het gesê Hy sal terugkeer in sy eie heerlikheid, die heerlikheid van sy Vader en die heerlikheid van die engele. Die heerlikheid van die hele hemel sal teenwoordig wees by Christus se wederkoms, en Jesus het die heerlikheid van die Heilige Gees uitgesluit asof Hy nie bewus was van die bestaan daarvan as 'n aparte individu nie.

Dink gerus vir 'n oomblik hieroor na. Daar is baie plekke in die Bybel waar die Seun met die Vader praat. Daar is ook baie plekke waar die Vader met sy Seun praat. Ongelukkig is daar nêrens enigiets opgeteken waar die

Vader met 'n derde persoon gepraat het wat “die Heilige Gees” genoem word nie. Daar is ook geen aanduiding dat die Seun met die Heilige Gees gepraat het nie. Daar is ook geen aanduiding van die Heilige Gees wat met die Vader of die Seun praat nie. Dit is baie vreemd vir 'n vermeende derde lid van die Goddelike gesin om uit alle gesprekke gelaat te word, ook dié rakende ons verlossing. Die Bybel sê dat “die raad van vrede sal tussen hulle twee bestaan.” (Sagaría 6:13). Daar is net twee Wesens wat saam beraadslaag het vir ons verlossing. Geen derde wese is toegelaat om daardie raad te betree nie.

Ons weet dat God ons baie lief het, want Hy het sy eniggebore Seun gestuur om vir ons sondes te sterf (Joh. 3:16). Ons weet dat Jesus Christus ons baie lief het, want Hy het afgekom aarde toe om vir ons te sterf. Maar as die Heilige Gees 'n derde individu is, het ons geen manier om te weet dat hy ons liefhet nie, want hy het nie sy seun gegee of homself gegee nie. Trouens, hy het niks vir ons gegee nie, so sy liefde is onherkenbaar. Daar is ook geen verse in die Bybel wat praat van die liefde wat die Heilige Gees vir ons het nie. Wanneer Jesus van God se liefde gepraat het, het Hy mense se aandag altyd op die liefde van die Vader gerig. Jesus het vir Sy dissipels gesê: “Want die Vader self het julle lief” (Johannes 16:27). Tog het Jesus nooit verduidelik dat die Heilige Gees ons liefhet nie, wat sal aandui dat die Heilige Gees 'n derde individu is wat homself onderskei van die Vader en die Seun.

Ons word beveel om God, die Vader en sy Seun, Jesus Christus, te aanbid. Jesus het gesê: “Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee, sodat almal die Seun kan eer net soos hulle die Vader eer. Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie.” (Johannes 5:22, 23). Die Bybel sê: “En wanneer Hy weer die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: En al die engele van God moet Hom aanbid.” (Hebreërs 1:6). Ons word beveel om beide die Vader en die Seun te aanbid, maar ons word nooit beveel om die Heilige Gees te aanbid nie. Daar is baie voorbeelde in die Bybel van mense wat die Vader en die Seun aanbid, maar daar is geen voorbeeld van iemand wat ooit die Heilige Gees aanbid of tot hom bid nie. In die boek Openbaring het Johannes geskryf: “En elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en wat op die see is, en alles wat in hulle is, het ek hoor sê: Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam [Jesus Christus] kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!” (Openbaring 5:13). Dit is die konsekwente voorbeeld van aanbidding in die hemel. Daar word slegs aan God, die Vader en sy Seun aanbidding gegee. Op die nuwe aarde het Johannes “geen tempel daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die

Lam." (Openbaring 21:22). Dit is duidelik dat die aanbidders in die hemel nie 'n drie-eenheid aanbid nie, maar eerder net die Vader en Sy Seun.

## Gevolgtrekkings

Die gawe van God se Gees is een van die kosbaarste gawes wat God nog aan ons gegee het. Om die voordele van hierdie gawe te ontvang soos God dit bedoel het, moet ons dit erken vir wat dit werd is. Die gawe van God se Gees is die oordrag van Sy lewe in ons, die middel waardeur Hy en Sy Seun persoonlik in ons harte leef. Die groot seën van die Pinkster-ervaring is die ontvangs van God se Gees wat na ons toe kom, met die bykomende voordeel van die Gees van God se oorwinnende Seun wat in ons harte kom woon, om ons te help in ons stryd teen sonde en versoekings. Satan wil hê jy moet dink dat Jesus Christus nie in ons is nie, maar dat Hy iemand anders gestuur het om sy plek in te neem. Vriende, dit is 'n versinsel van Satan, met die spesifieke doel om jou hoop op die heerlikheid weg te neem. Paulus het geskryf: "Aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder [in] julle, die hoop van die heerlikheid." (Kolossense 1:27).

Moenie dat enigiemand hierdie hoop, hierdie kosbare gawe van Christus in jou wegneem nie. Indien 'n geskenk nie erken word nie, sal dit nie benut word nie. Benut die bediening van Christus namens jou ten volle; laat Hom in jou hart kom, en laat Hom Sy werk doen wat net Hy kan doen. Nooi Christus om in jou hart te kom woon, en Hy sal inkom en sy Vader saam met Hom bring. Jesus sê nou vir jou: "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My." (Openbaring 3:20). Laat Hom inkom; jy sal bly wees dat jy dit gedoen het. Ek kan nie vir jou sê hoe bly ek is dat ek Hom in my hart ingenooi het nie. Ek was 'n baie goddelose sondaar, betrokke by baie goddelose dinge, maar toe ek die deur van my hart vir Hom oopgemaak het, het Hy met graagte ingekom.

Vriende, maak nie saak hoe goddeloos julle is nie, Jesus het belowe dat Hy julle sal aanvaar as julle na Hom toe kom. Hy het gesê: "Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie." (Johannes 6:37). Kom nou na Hom, aanvaar Hom as jou Verlosser, en aanvaar die gawe van Sy Gees in jou lewe om jou die oorwinning te gee in jou stryd met jou versoekings. Jy sal nooit, ooit spyt wees dat jy hierdie besluit geneem het nie.

Hoofstuk 4

# Die Dood van die Seun van God

"…ons is met God versoen deur die dood van sy Seun" (Romeine 5:10). God het nie 'n gewone mens gestuur nie, nie net 'n mens nie. Die goddelike Seun van God het vlees geword en het gesterf om ons met God te versoen (Johannes 1:14).

God het ons so lief dat Hy sy eniggebore Seun na hierdie wêreld gestuur het om vir ellendige sondaars soos ek en jy te sterf. Die gedagte wat in hierdie woorde vervat is, demonstreer die geweldige opoffering wat God namens ons gemaak het. "Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?" (Romeine 8:32). As God bereid was om sy eie Seun vir ons te gee, bewys dit, bo alle twyfel, dat Hy bereid is om alles wat Hy besit tot ons voordeel prys te gee, want Sy Seun het meer vir Hom beteken as enigiets anders in die heelal. Wanneer ons verstaan wat by die kruis plaasgevind het, sal dit ons harte versmelt soos niks anders dit kan doen nie. Ons sal baie baat vind om elke dag tyd te spandeer om oor die lewe van Christus na te dink, veral oor Sy lyding en dood.

## *Die Emosionele Stryd*

Die uiterste sielesmart wat Christus by die kruis ervaar het, word beskryf in Psalm 88. Dawid, wat oor Christus se ervaring geprofeteer het, het geskryf: "Ek word gereken by die wat in die kuil neerdaal; ek het geword soos 'n man sonder krag," (Psalm 88:5). Christus is gereken saam met hulle wat in die kuil neerdaal. Jesaja het 'n soortgelyke verslag in hoofstuk 53 van sy boek uitgebeeld. Toe hy van Christus gepraat het, het Jesaja geskryf: "Hy het sy siel uitgestort in die dood en was saam met die oortreders getel, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het." (Jesaja 53:12).

Ons gaan voort in Psalm 88 en lees: "U het my gesit in die kuil diep daaronder, in duisternisse, in dieptes. U grimmigheid rus op my, en U druk my neer met al u golwe. Sela." (Psalm 88:7-8). Christus het die ergste dood gely wat enigiemand nog ooit gely het, of ooit sal ly. Ander het eweneens of selfs meer as Hy gely, as ons Sy lyding beperk tot slegs Sy fisiese pyn. Christus se dood was die ergste omdat Sy verhouding met Sy Vader hegter was as wat

enigiemand nog ooit ervaar het. Daarom het die verlies van daardie verhouding Hom die grootste sielesmart veroorsaak wat enigiemand ooit kon ly. Toe Hy Sy Vader se misnoeë besef het, het dit letterlik Sy hart gebreek, uit vrees dat Sy skeiding vir ewig sou wees. Jesus het deur die Psalmdigter gesê: "Ek is uitgestort soos water; al my beendere raak los; my hart het soos was geword; dit het gesmelt binne-in my ingewande." (Psalm 22:15). "Die smaad breek my hart, en ek is verswak; ja, ek het gewag op medelyde, maar verniet; en op vertroosters, maar het hulle nie gevind nie." (Psalm 69:20). Toe Sy sy deurboor is, het water en bloed uitgevloei (Johannes 19:33, 34). Dit het aangedui dat die Seun van God aan 'n gebroke hart gesterf het; nie deur die marteling of die spykers in Sy hande en voete nie.

Christus se lyding was veel meer as bloot die fisiese pyn wat Hy verduur het. Sy lyding was so groot dat Hy sou gesterf het, al het die Romeinse soldate Hom nie geslaan en aan 'n kruis gehang nie. Net voordat die soldate gekom het om Hom gevange te neem, het Jesus vir die derde keer by sy Vader gepleit: "Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied! En 'n engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. En toe Hy in 'n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val." (Lukas 22:42-44). As 'n engel nie gekom het om Hom te versterk nie, sou Hy net daar in die tuin gesterf het onder die las van ons sondes. Sy sielesmart was so groot dat Hy gesweet het asof dit groot druppels bloed was. Dit vind slegs plaas onder uiterste spanning. Dit is baie duidelik dat die werklike lyding van Christus baie dieper was as die fisiese pyn wat Hom deur die Romeinse soldate aangedoen is.

## *In die Tuin van Getsémané*

Christus het sy laaste maaltyd saam met sy dissipels geëet. Daarna "…kom hulle in 'n plek waarvan die naam Getsémané was. En Hy sê vir sy dissipels: Sit hier onderwyl Ek gaan bid. En Hy neem Petrus en Jakobus en Johannes saam met Hom en begin ontsteld en benoud te word. En Hy sê vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak." (Markus 14:32-34).

Toe Christus die tuin van Getsémané binnegegaan het, het Hy vir die eerste keer "ontsteld" geword, wat letterlik beteken: "om deur verskrikking getref te word" *(Thayer's Greek Lexicon*). Iets het met Christus gebeur wat Hom verskrik het. Ons lees ook dat Hy "benoud" was, wat letterlik beteken: "om in sielesmart te wees, (om heeltemal in afsku te wees, tot

versadigingspunt)” (*Strong's Greek Dictionary*). Om “heeltemal in afsku te wees, tot versadigingspunt” (“*sated of loathing*”, volgens Strongs) beteken om die aptyt of 'n begeerte so volledig te bevredig dat dit 'n skielike gewelddadige vyandigheid of gevoelens van walging veroorsaak, tot die punt om dit te verafsku. (Sien *Grolier's New Webster's Dictionary* oor die Engelse woord “*sated*”.)

Vir die eerste keer in Sy lewe is Christus oorval met vrees en gevul met gevoelens wat vir Hom walglik was. Wat was daardie gevoelens? Die Bybel sê: “Ons almal het gedwaal soos skape; ons het elkeen sy eie pad geloop; en die Here het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom” (Jesaja 53:6). Die sonde (asook die skuld) van die hele wêreld is op die Seun van God geplaas. Die gevolg van sonde word deur Jesaja verduidelik: “Julle ongeregtighede het ‘n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het sy aangesig vir julle verberg, sodat Hy nie hoor nie.” (Jesaja 59:2). Wanneer 'n persoon teen God sondig, veroorsaak dit skeiding tussen homself en God. Die bewustheid van hierdie skeiding gaan dikwels gepaard met die gevoel van skuld. Dink net aan die skuldigste, vuilste gevoel wat jy nog ooit gehad het, en vermenigvuldig dit miljarde kere, en jy sal 'n idee hê van die skuld wat Christus in die tuin van Getsémané ervaar het. Hy het nog altyd daardie dinge gedoen wat Sy Vader behaag. Hy het gesê: “Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is.” (Johannes 8:29). Jesus Christus het dit geniet om die wil van Sy Vader te doen, en Hy het geweet dat Sy Vader tevrede is met Hom. Hy het nooit teen God gesondig nie, nie eens in Sy gedagtes nie, daarom het Hy nie geweet wat dit beteken om Sy Vader se misnoeë en die afskuwelike gevoel van skuld en skaamte te beleef nie.

Dit het alles verander toe Hy die tuin van Getsémané binnegegaan het. Toe my sondes en jou sondes op Hom geplaas is, en Hy voor God gestaan het asof Hy die bose dinge gedoen het wat jy en ek gedoen het, is daardie volmaakte vrede tussen Hom en Sy Vader vir die eerste keer verbreek. Hy het gestruikel onder die gewig van ons sondes. Hy het Sy dissipels verlaat en, was nie meer in staat om te staan nie. “Toe Hy ‘n bietjie verder gegaan het, val Hy op die grond en bid dat, as dit moontlik was, dié uur by Hom sou verbygaan. En Hy sê: Abba, Vader, alle dinge is vir U moontlik; neem hierdie beker van My weg; nogtans nie wat Ek wil nie, maar wat U wil.” (Markus 14:35, 36). Drie keer het Hy Sy Vader gesmeek om hierdie ervaring van Hom af weg te neem.

Die Seun van God het 'n ervaring beleef wat selfs Hy nie heeltemal voorsien het nie. Net 'n paar uur tevore het Hy vir Sy dissipels gesê: “Kyk, die uur kom en het nou gekom dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen na sy eie toe, en My alleen sal laat; tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader met My is.” (Johannes 16:32). Hy het gesê: Ek weet dat julle My almal vannag sal verlaat. Ek weet dat Ek deur my vriende verlaat sal word, maar dis reg so, want my Vader sal met My wees. Hy sal My nie alleen laat nie.

Maar toe Hy die Tuin van Getsémané binnegegaan het en die sondes van die hele wêreld op Hom geplaas is, het iets gebeur wat Hy nie ten volle verstaan het nie. Hy het pas vir Sy dissipels gesê dat Sy Vader Hom nie alleen sou laat nie, maar nou het Hy 'n skeiding van Sy Vader begin ervaar, so intens dat Hy onder die gewig daarvan gestruikel het.

## *Was Jesus Almagtig terwyl Hy hier was?*

Sommige mense sê: “Wag ’n bietjie, Jesus Christus was almagtig toe Hy hier was, dus hoef Hy nie op die hulp van Sy Vader staat te maak nie.” Hierdie is weereens die stempel van Satan, die vrug van die Trinitariese leerstelling wat spesifiek ontwerp is om God se liefde te versteek. Jesus het gesê: “Ek kan uit Myself niks doen nie” (Johannes 5:30). Al die wonderwerke wat Christus verrig het terwyl Hy hier was, is deur die krag van Sy Vader gedoen. Elke groot wonderwerk wat Jesus gedoen het, is op soortgelyke wyse deur Sy dissipels of deur profete in die Ou Testament gedoen, insluitend om op water te loop en die dooies op te wek. (Sien Matthéüs 14:29; 1 Konings 17:22; Handelinge 20:9, 10). Dit is nie ‘n teken dat hulle alle mag gehad het nie, maar eerder ’n teken dat God met hulle was, soos Hy met Jesus was. Petrus het gesê: “Julle weet van Jesus van Nasaret, dat God Hom met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus het. Hy het rondgegaan, oral goeie werke gedoen en almal gesond gemaak wat in die mag van die duiwel was, want God was by Hom.” (Handelinge 10:38). Jesus het gesê: “Die Vader wat in My bly, Hy doen die werke” (Johannes 14:10).

Terwyl Christus geworstel het onder die gewig van sonde en gesmeek het by Sy Vader om Hom van die dood te red, het Hy die bewustelike besluit geneem dat, as dit sou beteken dat Hy vir ewig moes sterf sodat jy en ek vir ewig saam met God kan leef, Hy bereid was om dit te doen. Hy het besluit dat Hy liewer vir ewig sou sterf as om sonder ons te leef. Dít is 'n ongelooflike groot mate van liefde. Sommige mense was bereid om hul tydelike lewens te gee om ander te red, maar baie min sou bereid wees om hul ewige lewe vir iemand anders op te gee.

Tog was daar nog ’n man wat bereid was om vir ewig te sterf eerder as om sonder sy volksgenote te leef. Sy naam was Moses. Hy het by God namens die kinders van Israel gepleit en gesê: “Maar nou, as U hulle sonde wil vergewe, goed; maar so nie, uitdelg my tog uit U boek wat U geskrywe het.” (Exodus 32:32). Moses het verwys na die boek van die lewe. Hy het gesê: as U hulle nie kan vergewe nie, en aan hulle die ewige lewe gee nie, dan wil ek ook nie die ewige lewe hê nie. Jesus Christus het dieselfde besluit geneem, maar die bloed van die vlekkelose, goddelike Seun van God het werklik die vermoë gehad om ons van die dood te red. Hy het Sy ewige lewe vir ons neergelê. “Ek lê my lewe af vir die skape.” (Johannes 10:15). Dít is waarom die 144 000 die lied van Moses en van die Lam sal sing. Hulle sal ook hul lewens “nie liefhê tot in die dood toe nie.” (Openbaring 12:11; Openbaring 15:3).

Die Seun van God kon enige oomblik tot Sy Vader geroep het om Hom te verlos, maar Hy het voortgegaan, wetende dat sommige gered sou word. Toe 'n groep soldate gekom het om Christus gevange te neem, het Petrus vir Hom opgekom met ‘n swaard in die hand, maar Christus het hom bestraf en gesê: “Dink jy dat Ek nie nou my Vader kan bid en Hy vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar sal stel nie?” (Matthéüs 26:53). Let op dat Christus nie gesê het dat Hy die mag het om Homself te verlos nie, maar dat Hy Sy Vader om verlossing kon smeek, wat Sy enigste uitweg was. Tog was Hy vasbeslote om nooit moed op te gee nie, selfs al het dit beteken dat Hy nie weer sou lewe nie. Hy het besluit om Sy wil aan Sy Vader oor te gee en gesê: “…nie wat Ek wil nie, maar wat U wil.” (Markus 14:36). Die Seun van God was “gehoorsaam tot die dood toe, ja, die dood van die kruis” (Filippense 2:8). Uiteindelik, toe Hy aan die kruis gesterf het, net nadat Hy uitgeroep het: “My God, my God, waarom het U My verlaat?” (Matthéüs 27:46), het Hy Sy ewige lewe in die hande van Sy Vader oorgegee en gesê: “Vader, in u hande gee Ek my gees oor” (Lukas 23:46). Hy het in wese gesê: “Vader, Ek gee my ewige lewe in u hande. Of U my uit die dood wil opwek, of verkies om my vir ewig in die graf te laat, ek laat dit alles in U hande.”

## *Was Jesus Onsterflik terwyl Hy hier was?*

“Wag ’n bietjie!” sê die beswaarmaker, “Die Seun van God was so verhewe dat Hy nie kon sterf of ophou bestaan nie.” Weereens vind ons hier die onheilige drie-eenheidsleer wat sy onheilige invloed uitoefen. Hierdie leerstelling verkondig dat Jesus Christus in elke opsig presies gelyk is aan Sy Vader. Daarom word beweer dat, aangesien die Vader nie kan sterf nie, Sy Seun ook nie kan sterf nie. Maar die Bybel sê daar is slegs Een Persoon wat

onder geen omstandighede kan sterf nie, en Hy is God die Vader. Die Bybel sê dat Jesus "…op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser [die Soewereine, die Alleenheerser], die Koning van die konings en Here van die here, *wat alleen onsterflikheid besit* en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen." (1 Timótheüs 6:14-16). Dit kan niemand anders wees as God, die Vader nie, want Hy is God, en "niemand het ooit God gesien nie." (Johannes 1:18). Die Vader is die een "wat alleen onsterflikheid besit." Tog weet ons dat ons "met onsterflikheid beklee word" (1 Korintiërs 15:53), baie engele het onsterflikheid, en Jesus Christus "leef tot in alle ewigheid" (Openbaring 1:18).

Wanneer die Bybel sê dat die Vader "alleen onsterflikheid besit", moet dit onsterflikheid in 'n absolute en onbeperkte sin beteken. Die Vader is die enigste Een wat onder geen omstandighede kan sterf nie. Jesus Christus is aan die dood onderworpe gestel en het "vir ons sondes gesterf" (1 Korintiërs 15:3). Die mens kan sterf; "Die siel wat sondig, dié moet sterwe" (Eségiël 18:20). Engele kan sterf; daar is "die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele" (Matthéüs 25:41). Hierdie vuur is so warm dat dit hulle sal verslind. God het vir Satan gesê: "daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het… en sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie." (Eségiël 28:18, 19). Dit is dus sekerlik waar dat God, die Vader, die enigste Persoon is wat onder geen omstandighede kan sterf nie. Dit sluit Sy Seun uit, Hy wat "vir elkeen die dood sou smaak" (Hebreërs 2:9). Ons word deur hierdie vers gedwing om tot die gevolgtrekking te kom dat Jesus Christus nie onsterflik was toe Hy hier was nie. Trouens, die primêre rede waarom Hy 'n mens geword het, was sodat Hy vir ons sondes kon sterf. Die Seun van God het 'n werklike dood vir ons sondes gely. (Sien Jesaja 53:6 en 1 Johannes 2:2.) Dit was nie bloot voorgegee nie, dit was nie 'n drama nie, dit was werklik.

## Die Volledigheid van Christus se Dood

Daar is sommige wat beweer, as gevolg van die drie-eenheidsleer, dat Christus uit die hemel neergedaal het en 'n menslike liggaam bewoon het en dat, toe dit tyd was om te sterf, slegs die menslike liggaam gesterf het, terwyl die goddelike wese wat uit die hemel neergedaal het, steeds gelewe het. Met hierdie siening moet ons aflei dat daar slegs 'n menslike offer vir ons verlossing gemaak is. Maak nie saak hoe verhewe die voorafbestaande Seun was nie, maak nie saak hoe glorieryk, hoe magtig of selfs ewig nie, as slegs

die mens gesterf het, was die offer slegs menslik. Dit is onredelik om te glo dat 'n menslike offer voldoende is om die mensdom te verlos, en dit is teenstrydig met die Skrif om te sê dat slegs die helfte van Christus gesterf het. As Christus slegs voorgegee het om te sterf toe Hy hier was, doen dit weg met die nodigheid dat Hy 'n mens moes word, want Hy is "vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood" (Hebreërs 2:9). As Hy beplan het om voor te gee om te sterf, kon Hy dit gedoen het sonder om 'n mens te word.

In die eerste hoofstuk van Hebreërs beeld Paulus Christus uit as hoogverhewe, die een wat verwek is volgens die afdruksel van Sy Vader se wese. Dan, in Hebreërs hoofstuk twee, verduidelik Paulus die nodigheid dat Christus 'n mens moet word. Hy het hierdie punt op verskeie maniere beklemtoon. In vers nege van hierdie hoofstuk verduidelik hy: "Maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak." (Hebreërs 2:9). Paulus verduidelik die belangrikheid daarvan dat Christus 'n mens word, dat Hy 'n bietjie minder as die engele gemaak word, sodat Hy kon sterf; nie sodat 'n menslike liggaam kon sterf nie, maar sodat die goddelike Seun van God kon sterf.

Die feit dat Christus wel gesterf het, word ook in die volgende verse beklemtoon: "Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig [Grieks: Homself verneder] deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is" (Filippense 2:5-9). Dieselfde identiese Wese wat in vers ses in die gestalte van God was, het in vers agt gesterf. Jesus Christus self het dit baie duidelik aan Johannes gemaak dat Hy dood was. Jesus het gesê: "Ek is die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood." (Openbaring 1:18). Jesus Christus het waarlik "vir ons sondes gesterf volgens die Skrifte" (1 Korintiërs 15:3).

## *Het Jesus alles geweet terwyl Hy hier was?*

Sommige mag dalk sê: "Wag 'n bietjie, Jesus kon nie deur enigiets verras gewees het nie, want toe Hy hier was, het Hy alles geweet." Maar dit is nie

wat die Bybel sê nie; dit is eerder ’n vrug van daardie ou Trinitariese absurditeit. (Vir ’n deeglike studie oor die leerstelling van die Drie-eenheid, omtrent die ontstaan daarvan en die gevare daarvan, kontak ons gerus en vra vir die boek getiteld *God’s Love on Trial*.) Dit is deel van die struikelblok wat Satan in mense se pad plaas om God se liefde te verberg. Toe Jesus op aarde was, het Hy gesê: “Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader.” (Markus 13:32; vergelyk met Matthéüs 24:36). Daar staan ook geskryf: “Jesus het toegeneem in wysheid en grootte en in genade by God en die mense.” (Lukas 2:52). Dit is onmoontlik om in wysheid toe te neem as jy reeds alles weet. Toe Jesus na hierdie aarde gekom het, is Hy beperk deur die menslike liggaam wat vir Hom voorberei is, en Hy moes dinge aanleer net soos ek en jy. “Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het.” (Hebreërs 5:8). Hy het slegs geweet wat Hy op die normale manier in die lewe geleer het, en wat sy Vader bonatuurlik aan Hom geopenbaar het. Dit is waar dat Jesus soms die gedagtes van ander geken het, maar dit is geen bewys dat Hy alles geweet het nie, want Petrus, Elisa, Daniël, ensovoorts, het ook die gedagtes van ander geken deur ‘n openbaring van God. (Sien Handelinge 5:1–4; 2 Konings 5:25–27; Daniël 2:28–30.)

Toe die sondes van die hele wêreld op Hom geplaas is, het Jesus werklik die onbekende binnegegaan. Dis een ding om te sê: “Ek weet ek gaan sterf,” maar dit is iets heeltemal anders om dit te ervaar. Ek kan vir jou sê ek gaan sterf, maar ek kan jou nie sê hoe dit voel nie. Dieselfde was waar van Christus. Daar was ’n element wat Hom onverhoeds betrap het. Hy het vir sy dissipels gesê dat sy Vader Hom deur hierdie ervaring sou bystaan, maar toe Hy die Tuin van Getsémané binnegaan, het Hy begin voel hoe sy Vader sy teenwoordigheid onttrek. Die skeiding het al hoe erger geword, totdat Hy uiteindelik aan die kruis met ’n groot stem uitgeroep het: “My God, my God, waarom het U My verlaat?” (Matthéüs 27:46). Die profesie in Psalm 88 beeld Christus uit wat sê: “HERE, waarom verstoot U my siel, verberg U u aangesig vir my?” (Psalm 88:15). Waarlik, Hy het “die parskuip (die pers) alleen getrap” (Jesaja 63:3).

Die skeiding was so verskriklik dat Hy by sy Vader gepleit het om Hom van daardie vreeslike uur te spaar, en Hy het gesê: “Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem!” (Lukas 22:42). Hy het “in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer… wat Hom uit die dood kon red” (Hebreërs 5:7).

Hoofstuk 5

# Is die Afgestorwenes werklik Dood?

Dit is 'n belangrike vraag wat beantwoord moet word om die lyding van Christus werklik te verstaan. Is die dooies werklik dood? Satan wil hê ons moet glo dat die dooies nie werklik dood is nie, maar bewustelik leef, óf in die paradys óf in ellende. Satan het van die begin af gesê: "Julle sal gewis nie sterwe nie" (Génesis 3:4). Satan het verkondig dat die mens God ongehoorsaam kan wees en steeds vir ewig kan lewe sonder om te sterf. Hierdie stelling weerspreek direk God wat gesê het: "Jy sal sekerlik sterwe" (Génesis 2:17). Sedert daardie dag het Satan voortgegaan om mense te laat verstaan dat hulle sekerlik nie sal sterwe nie. Volgens Satan is alle mense wat ooit gesterf het, nie werklik dood nie. Ongelukkig glo baie Christene vandag Satan se leuen. Hulle dink dat die dood nie werklik die dood is nie, maar eerder 'n voortsetting van die lewe in 'n ander ryk. Hierdie leerstelling in die Christendom is 'n vrug van die onheilige drie-eenheidsleer. Die Katolieke Kerk erken dat hulle die drie-eenheidsleer geformuleer het, en hulle beweer: "Die geheimenis van die Drie-eenheid is die sentrale leerstelling van die Katolieke Geloof. Daarop is al die ander leerstellings van die Kerk gebaseer" (*Handbook for Today's Catholic*, bladsy 11). Die idee dat die dooies nie werklik dood is nie, is gebaseer op die valse leerstelling van die drie-eenheid. Let op wat Augustinus, een van die primêre persone wat die drie-eenheidsleerstelling geformuleer het, oor die dood van Christus te sê gehad het:

"Geen dooie mens kan homself opwek nie. Hy [Christus] was die enigste wat Homself kon opwek, en hoewel sy liggaam dood was, was Hy nie dood nie. Want Hy het wat dood was, opgewek. Hy het Homself opgewek, aangesien Hy in Homself lewend was, maar in sy liggaam, wat opgewek is, was hy dood. Want nie alleen die Vader, van wie die Apostel gesê het: 'Daarom het God Hom ook verhoog', het die Seun opgewek nie, maar die Here het ook Homself opgewek, dit wil sê, sy liggaam." (*Nicene & Post-Nicene Fathers*, reeks 1, volume 6, bladsy 656, St. Augustine, "*Sermons on Selected Lessons of the New Testament*").

Dit is waar dat 'n dooie mens nie homself uit die dood kan opwek nie, want hy kan nie eers dink nie. Die Woord sê: “Die dooies weet glad niks nie” (Prediker 9:5). Ons sien die saad van daardie onheilige leer oor die dood in Augustinus se woorde, wanneer hy beweer dat dooie mense nie dood is nie. Let op dat Augustinus in sy stelling tereg opmerk dat dooie mense hulself nie kan opwek nie, aangesien hulle nie lewendig is nie, maar dan gaan hy voort om die aanname te maak dat Jesus Christus nie dood was nie. Hierdie idee kan maklik aangepas word om elke dooie persoon in te sluit. Want as daar in die Bybel gesê word dat Christus gesterf het, maar die drie-eenheidsleerstelling beweer dat Hy nie gesterf het nie, dan is dit net logies om te glo dat wanneer die Bybel praat van mense wat sterf, hulle ook lewend moes gebly het. Dit is hoe die meeste Christene vandag mislei is om te glo dat dooie mense in werklikheid êrens lewe, al is die Bybel so duidelik oor die onderwerp. Kom ons kyk na 'n paar verse hieroor:

“Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie. Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan.” (Psalm146:3, 4). Wanneer 'n persoon sterf, is dit met sy planne (sy gedagtes) gedaan; hy kan nie meer dink nie. Hy bly slaap in die stof van die graf, onbewus van enigiets, totdat die Here hom uit die dood opwek.

Die dood word ‘slaap’ genoem. “En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.” (Daniël 12:2). Jesaja het geskryf: “U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan. Waak op en jubel, julle wat in die stof woon! Want u dou is ‘n dou van die lig, en die aarde sal aan skimme die lewenslig skenk.” (Jesaja 26:19). Die eerste ding wat ons van hierdie vers opmerk, is dat die dooies, op 'n stadium in die toekoms, weer sal lewe. Hierdie mense leef nie nou nie, maar hulle sal op 'n stadium in die toekoms weer lewe. Op die oomblik woon hulle in die stof. Wanneer ons sterf, keer ons terug tot stof, om daar in onbewuste slaap te bly totdat die Here ons uit die dood opwek.

## *Wat van die Gees van die Mens?*

In die boek van Job staan daar: “Maar dit is die Gees in die mens; en die asem van die Almagtige wat hulle verstandig maak.” (Job 32:8). Daniël het verduidelik: “Die gees van my, Daniël, is in sy omhulsel [liggaam] verontrus” (Daniël 7:15). ’n Gees is die deel van ’n persoon wat bedroef of verontrus kan word. In Markus se evangelie lees ons: “En Jesus het dadelik in sy gees geweet dat hulle by hulleself so redeneer, en Hy sê vir hulle: Wat redeneer julle oor hierdie dinge in jul harte?” (Markus 2:8). Die koning van Babilon het

’n droom gehad, en hy het vir sy wyse manne gesê: “Ek het ‘n droom gehad, en my gees is onrustig om die droom te verstaan.” (Daniël 2:3). ’n Gees is die deel van ’n persoon wat dinge kan waarneem of verstaan en redeneer, en bedroef of verontrus kan word. Hierdie paar Bybeltekste bevestig die definisie van “gees” wat in *The American Heritage Dictionary* gevind word, wat sê: “Die deel van ’n mens wat geassosieer word met die verstand, wil en gevoelens.”

Wat gebeur met hierdie gees wanneer 'n persoon sterf? Salomo het geskryf: “(Dan sal) die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.” (Prediker 12:7). Let op dat dit verwys na alle mense wat sterf, of hulle nou die regverdigste heilige of die mees goddelose sondaar is. Wanneer enige mens sterf, sal daar 'n tyd wees wanneer hy weer lewe, of hy nou opgewek word in die opstanding van die regverdiges of van die onregverdiges (Handelinge 24:15). Sy verstand, wat sy lewensgeskiedenis bevat, sal weer aan hom gegee word met sy opstanding. Hy sal uit die graf kom met dieselfde karakter en denkwyse wat hy voor die dood gehad het. Wanneer die dooies opgewek word, sal God hulle hul gees (of verstand) teruggee wat voorheen in hulle was. Gedurende hulle slaap in die graf was hulle nêrens lewendig nie.

Elke persoon sal opgewek word, daarom moet God 'n rekord van sy lewe behou, sodat dieselfde persoon met die opstanding kan terugkeer; God behou hul gees in 'n onbewuste toestand. Salomo het geskryf: “Wie bespeur dat die asem van die mensekinders opgaan boontoe, en dat die asem van die veediere neerdaal ondertoe in die aarde?” (Prediker 3:21). By die dood gaan die gees van 'n dier af na die aarde, want daar is geen nodigheid vir God om dit te behou nie, want daar is geen opstanding vir diere nie. Maar die gees van die mens gaan op na God, om daar in 'n onbewuste toestand te bly tot die opstanding.

Daar mag dalk kapsie gemaak word: “Gaan die regverdiges nie direk hemel toe wanneer hulle sterf, en die goddelose na ’n plek van pyniging nie?” “Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is, en sy graf is by ons tot vandag toe… Want Dawid het nie in die hemele opgevaar nie, maar hy self sê: Die Here het gespreek tot my Here: Sit aan my regterhand ” (Handelinge 2:29, 34). Dawid sal eendag in die hemel wees, maar hy het nog nie na die hemel opgevaar nie. Sy gees het in ’n bewustelose toestand na God teruggekeer en wag om met sy liggaam herenig te word. Dieselfde geld vir die goddelose. “Dat die goddelose bewaar word vir die dag van vernietiging? hulle sal uitgebring word tot die

dag van toorn.” (Job 21:30, Contemporary Afrikaans Bible). Die Here bewaar die goddelose vir die dag van vernietiging. Hulle sal uit die dood uitgebring word, of opgewek word, tot en op die dag van toorn. Hulle ly nie nou nie.

Ek wil graag 'n kassetband gebruik om te illustreer wat die Bybel sê. Gestel ek sit 'n kassetband in 'n kassetopnemer en begin inligting op die band opneem. Solank die band in die bandspeler is, kan dit funksioneer. Ek kan inligting daarop opneem en terugspeel wat opgeneem is. Maar sodra ek die kassetband uit die kassetopnemer verwyder, sal dit nie meer werk nie. Die band sonder die opnemer is nutteloos, net soos die bandopnemer nutteloos is sonder 'n band. Nie een kan op hul eie werk nie. As ek die band verwyder en die bandspeler vernietig, kan ek dit vervang, maar as ek die band vernietig, dan het ek die inligting verloor; dit is nie vervangbaar nie. Die liggaam en gees is soortgelyk. Solank hulle verenig is, kan hulle funksioneer, maar sodra die gees uit die liggaam geneem word, verander die liggaam weer in stof, en die gees is bewusteloos, glad nie in staat om te funksioneer nie. By die opstanding sal God dieselfde gees neem en dit in 'n nuwe liggaam plaas, en dit sal weer funksioneer net soos voorheen. Maar as die gees vernietig word, kan daar geen opstanding wees nie. Dit is wat by die tweede dood gebeur.

## *Die Eerste en Tweede Dood*

Johannes het geskryf: “Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.” (Openbaring 20:6). Hier word ons vertel dat die salige en heilige mense deel sal neem aan die eerste opstanding, en die tweede dood sal geen mag oor hulle hê nie. Die eerste opstanding vind plaas met die wederkoms van Christus. “Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.” (1 Thessalonicense 4:16). Onmiddellik daarna sal die regverdiges “leef en as konings geregeer saam met Christus die duisend jaar lank.” (Openbaring 20:4).

“En die ander dode het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie.” (Openbaring 20:5). Gedurende die duisend jaar sal die goddelose nie lewe nie. Wanneer die duisend jaar voleindig is, sal hulle weer lewe; hulle sal opgewek word in die tweede opstanding. Daarna volg die oordeel van die groot wit troon waartydens die goddelose “geoordeel is, elkeen volgens sy werke. En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van

die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.” (Openbaring 20:13-15). Die poel van vuur word die tweede dood genoem, 'n dood waaruit daar geen opstanding is nie. Dit is waar God “siel sowel as die liggaam … verderwe in die hel.” (Matthéüs 10:28). “Hulle sal … word asof hulle nooit bestaan het nie.” (Obádja 1:16). Hulle sal nie vir ewig lewe om vir ewig te brand nie, want hulle het nie onsterflikheid nie. “Kyk, hulle het geword soos stoppels, vuur het hulle verbrand; hulle kan hulself nie red uit die mag van die vlam nie—dit is geen kool om by warm te word nie, geen vuur om daarvoor te sit nie!” (Jesaja 47:14). Wanneer die helse vuur sy werk gedoen het en die goddelose verslind het, sal die vuur heeltemal doodgaan.

“Maar,” sê sommige dalk, “’n siel kan nie sterf nie.” Dit is nie wat die Bybel sê nie. Inteendeel, die Bybel sê: “Die siel wat sondig, dié moet sterwe” (Esegiël 18:20). Dit praat nie hier van die eerste dood, waaruit almal sal terugkeer nie; maar oor die tweede dood, waaruit niemand sal opstaan nie. By die tweede dood sterf die siel. Daar is nie so iets soos natuurlike onsterflikheid van die siel nie, want die enigste mense wat onsterflik sal word, is die regverdiges wat “met onsterflikheid beklee is” (1 Korintiërs 15:54). Toe die mens gesondig het, is hy verbied om die vrugte van die boom van die lewe te eet, sodat hy nie vir ewig in ’n sondige toestand leef nie. “Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken. As hy nou maar nie sy hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie! Toe stuur die HERE God hom weg uit die tuin van Eden…” (Génesis 3:22, 23). Slegs diegene wat die reg het om van die boom van die lewe te eet, sal vir ewig lewe. “Salig is die wat sy gebooie doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad.” (Openbaring 22:14).

Die idee dat die mens van nature 'n onsterflike siel het, is die vrug van daardie ou Trinitariese absurditeit, wat die skoonheid van God se liefde soos in die dood van Sy Seun gedemonstreer, ondermyn. As ons verward is oor dood en onsterflikheid, is dit vir ons onmoontlik om te verstaan hoeveel Christus vir ons opgeoffer het. (Vir 'n deeglike studie oor die toestand van die dooies en hul finale vernietiging, versoek die studies getiteld *What Happens After Death* asook *God’s Love Revealed in Hell*.)

## *Die Dood van die Seun van God*

Die Bybel sê: “Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here.” (Romeine 6:23). Die gevolg van sonde is die dood. Nie die eerste dood, wat

ons as “slaap” ken nie, maar die tweede dood. Diegene wat verlossing verwerp en voor God staan om die “tweede dood” te ly, sal bewustelik besef dat hulle nooit weer sal lewe nie, wetende dat hulle al die heerlikheid van die hemel verbeur het. Hierdie algehele skeiding van God, en die besef dat hulle nooit weer sal lewe nie, is die ergste ervaring wat die goddelose sal verduur. Hul fisiese pyn, wat erg genoeg sal wees, sal slegs 'n klein deeltjie van hul lyding wees; die grootste deel sal wees dat hulle sal besef dat hulle sal “word asof hulle nie bestaan het nie” (Obádja 1:16).

Die Bybel sê: “Ons is met God versoen deur die dood van sy Seun” (Romeine 5:10). Hy het “vir elkeen die dood” gesmaak (Hebreërs 2:9). God se geliefde Seun het in my plek gesterf, “Hy, die Regverdige vir die onregverdiges” (1 Petrus 3:18). Hy het die straf geneem wat ek verdien, en daardie straf is die tweede dood. Ek verstaan dit was anders vir Christus, aangesien Hy uit die dood opgewek is, en almal wat die tweede dood sterf, sal nie opgewek word nie. Die ervaring wat Hy egter verduur het, was gelykstaande aan die ervaring van die goddeloses wanneer hulle sal sterf, wetende dat hulle nie sal terugkom nie. Dit is die begrip wat Christus gehad het toe Hy met bittere angs uitgeroep het: “My God, My God, waarom het U My verlaat?” (Matthéüs 27:46). Christus moes hierdie ervaring hê om vir die straf van sonde te betaal.  Sommige mag sê: “Maar Hy is nie in die poel van vuur gewerp nie.” Dit is waar, maar onthou, die loon van sonde is die dood, nie lyding nie. “Christus het vir ons sondes gesterf volgens die Skrifte” (1 Korintiërs 15:3).

In Jesaja 53 lees ons die volgende verslag: “Dit het die Here behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel ‘n skuldoffer aangebied het, ... omdat Hy sy siel uitgestort het in die dood en saam met die oortreders getel was, terwyl Hy tog die sonde van baie gedra en vir die oortreders gebid het.” (Jesaja 53:10-12).

Volgens die Skrif het die siel van Christus gesterf; die siel van Christus is die offer vir die sonde gebring. Die siel van 'n persoon vorm die hele wese. As 'n siel sterf, is die hele wese dood. Die siel is meer as net die liggaam. Jesus het gesê: “En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die <u>hel</u>.” [hel - γεεννα - gehenna] (Matthéüs 10:28).

Ons word vertel dat die siel van Christus in die graf was. Op Pinksterdag het Petrus gesê: “hy het, omdat hy dit vooruit gesien het, gespreek van die opstanding van Christus, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees

ook nie verderwing gesien het nie.” (Handelinge 2:31). Die woord “doderyk” in die vorige vers is vertaal van die Griekse stamwoord *hades*. Hierdie woord verwys altyd na die *graf*. Die siel van Christus het saam met Sy liggaam in die graf gerus. Christus het waarlik vir ons sondes gesterf.

Hoofstuk 6

# Christus het waarlik gesterf

Die Gees van Christus het Dawid geïnspireer om aangaande Christus se dood te skryf: “Ek is ingesluit en kan nie uitkom nie.” (Psalm 88:9). Christus was in die graf ingesluit en Hy kon nie uitkom nie. Die Bybel sê meer as dertig keer dat God, die Vader, Christus uit die dood opgewek het. (Handelinge 2:24, 30, 32; 3:15, 26; 4:10; 5:30; 10:40; 13:23, 30, 33, 34, 37; 17:31; 26:8; Romeine 4:24, 25; 6:4; 8:11; 10:9; 1 Korintiërs 6:14; 15:15; 2 Korintiërs 4:14; Galasiërs 1:1; Efésiërs 1:20; Kolossense 2:12; 1 Thessalonicense 1:10; 2 Timótheüs 2:8; Hebreërs 13:20; 1 Petrus 1:2.) Paulus het geskryf dat hy 'n apostel was, “nie vanweë mense of deur ‘n mens nie, maar deur Jesus Christus en God die Vader wat Hom uit die dode opgewek het.” (Galasiërs 1:1).

Paulus het ook in Efésiërs 1:19, 20 beklemtoon dat “die uitnemende grootheid” van die Vader se “krag van sy sterkte” gedemonstreer is “toe Hy Christus “uit die dode opgewek het.” As Christus Homself werklik uit die dood opgewek het, soos sommige mense glo, dan kon Paulus se woorde nie waar gewees het nie. Dit sou nie die Vader se krag gewees het nie, maar die krag van Christus wat daar gedemonstreer sou gewees het.

Christus het Homself nie uit die dood opgewek nie, anders sou Hy nie van die begin af dood gewees het nie, en Sy woorde kon nie waar wees nie: “Ek kan uit Myself niks doen nie” (Johannes 5:30). Toe die Seun van God in die graf geslaap het, was Hy soos die res van die dooies “wat glad niks weet nie” en wie se gedagtes “gedaan” is. (Prediker 9:5; Psalm 146:4).

Van Christus lees ons: “Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs” (Hebreërs 5:7). Tot wie het Christus met sterk geroep en trane gebid? Het Hy tot Homself gebid? Glad

nie! Hy het tot Sy Vader gebid, die enigste Een "wat Hom uit die dood kon red."

Dit sou 'n bespotting gewees het as Christus tot Sy Vader uitgeroep het om Hom van die dood te red, as Hy al die tyd onsterflik was en Homself van die dood kon red. Christus het volledig gesterf, vriende, en Hy het op Sy Vader vertrou om Hom op te wek. Hy het gesê: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor" (Lukas 23:46), wat Sy volkome afhanklikheid van Sy Vader aandui om Hom uit die dood te red, en Sy bereidwilligheid om Sy ewige lewe in die hande van Sy Vader toe te vertrou.

Baie Christene glo dat toe Jesus op aarde was, Hy alwetend, almagtig, alomteenwoordig (met die vermoë om op alle plekke gelyktydig te wees) en onsterflik was. Hierdie wanopvattings verhoed dat mense die omvang van Christus se offer en lyding namens ons kan besef. As Christus hierdie goddelike eienskappe besit het terwyl Hy op hierdie aarde was, kon Hy nie verbasing, vrees of enige kommer oor Sy toekoms ervaar het nie. Dit sou Sy emosionele onrus verminder tot bloot die voordra van woorde van 'n toneelstuk, en voorgee dat Hy ontsteld is. Sommige mense word verwar deur Jesus se stelling: "Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem (*2983). Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem (*2983). Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang (*2983)." (Johannes 10:17, 18). [Opmerking: * Die Strong-nommer in hierdie vers verteenwoordig 'n Griekse woord in die oorspronklike teks.]

Die Griekse woord λαμβανω - *lambano* wat vertaal is as "weer te neem" (met Strong se nommer 2983), kan neem beteken, maar beteken ook "om te ontvang (wat gegee word), om te verkry, te kry, te ontvang, om terug te kry" (sien *Thayer's Greek Lexicon*). Let asseblief daarop dat hierdie woord ook in vers 18 gebruik word, maar vertaal word as "ontvang". Christus het Sy lewe neergelê sodat Hy dit weer kon ontvang. Die Griekse woord εξουσιαν - *exousia* wat vertaal is as "mag" kan krag beteken, maar beteken ook "gesag, toestemming" (*ibid*.) Christus het toestemming gehad om Sy lewe neer te lê sodat Hy dit weer van Sy Vader kon ontvang.

Let op ander vertalings van hierdie stelling: "Ek het die volmag om dit af te lê, en Ek het die volmag om dit weer op te neem. Dit is die opdrag wat Ek van my Vader ontvang het." (1983 Afrikaanse Vertaling). Sien ook 'n paar Engelse vertalings: "Authority, have I, to lay it down, and, authority, have I, again, to receive it: This commandment, received I, from my Father" (*1902*

*Rotherham Bible*). "I am authorized to lay it down, and I am authorized to receive it back again. This is the command I received from my Father" (*1912 Weymouth NT Translation*). "Authority I have to lay down her, and authority I have again to receive her; this the command I received from the Father of me" (*1865 Diaglot NT*).

Die bogenoemde vertalings is korrek in die manier waarop hulle die woorde "authority" en "receive" gebruik. Jesus het nie aangedui dat Hy Homself uit die dood kon opwek nie. Die profesie in Psalm 88:9 was waar van Hom, wat sê: "Ek is ingesluit en kan nie uitkom nie."

## Wat van 1 Petrus 3:18-20?

Petrus het geskryf: "Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring—Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis, wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is; " (1 Petrus 3:18-20). Sommige mense dink hierdie verse bewys dat Jesus by sy bewussyn was terwyl sy liggaam dood was, en dat Hy na die hel neergedaal het om vir dooie mense te preek. Dit sou natuurlik nie moontlik wees nie, want dooie mense kan nie eers dink nie, en hulle kon beslis nie 'n preek hoor nie. Nie net dit nie, as hierdie dooie mense reeds verlore was, soos die meeste sou saamstem, sou geen hoeveelheid prediking hulle baat nie. Christus sou Sy tyd om twee redes gemors het: hulle kon Hom nie hoor nie, en hulle kon glad nie baat vind daarby nie, selfs al kon hulle.

Die moeilikheid word in vers 20 opgeklaar. Petrus het geskryf dat Christus "aan die geeste in gevangenis [teenwoordige tyd] gepreek het [verlede tyd]." Dit is duidelik dat Jesus deur Noag aan hierdie mense gepreek het (1 Petrus 1:11). Die prediking is lank gelede gedoen terwyl Noag nog gelewe het. Daar is niks in die vers wat vereis dat aan hierdie goddelose mense, wat voor die vloed geleef het, gepreek is terwyl hulle in die gevangenis was nie. In plaas daarvan is daar aan hulle gepreek terwyl hulle nog gelewe het, en nou is hulle in die gevangenis, of dood.

## *Die Groot Opoffering van Christus*

Dit was 'n ontsaglike opoffering vir Christus om Homself te beperk deur 'n mens te word en onder ons te kom woon. Daar was ‘n geweldige groot risiko by betrokke. Hy kon gesondig het, waardeur Homself, saam met die hele planeet aarde, sou verdoem het. God se hele “heerskappy is op sy skouer” (Jesaja 9:5). Indien Christus misluk het, sou God se regering misluk het.

Terwyl Christus in die hemel was, kon Hy nie sterf nie (Hebreërs 2:9). Maar toe Hy die aspekte van goddelikheid wat Hom verhoed het om die dood te ervaar, opsy gesit het, was Hy totaal blootgestel aan die aanvalle van die duiwel. “Want ons het nie ‘n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde.” (Hebreërs 4:15). Die Bybel sê: “God kan deur die kwaad nie versoek word nie” (Jakobus 1:13). Deur hierdie twee tekste te vergelyk, toon ons dat, terwyl Christus hier was, Hy nie daardie eienskappe van goddelikheid wat verhoed dat God versoek word, soos alwetendheid, behou het nie. Satan het geweet dat Christus kwesbaar was, en hy het alles gedoen om Jesus in sonde te laat verval, maar hy was onsuksesvol.

## *Christus se Vermoë om ons te Red*

Ter wille van ons verlossing was Christus verplig om ons gevalle menslike vlees op Homself te neem. “Want waarlik, Hy bekommer Hom nie oor die engele nie, maar oor die geslag van Abraham bekommer Hy Hom. Daarom moes Hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy ‘n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen. Want deurdat Hy self onder versoeking gely het, kan Hy dié help wat versoek word.” (Hebreërs 2:16-18). Sy menslike vlees was net soos ons s'n, maar sy gemoed was suiwer. Sy gemoed kon nie vleeslik gewees het nie, want die Bybel sê: “Wat die vlees bedink, [is] vyandskap teen God; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.” (Romeine 8:7). Christus “het geregtigheid liefgehad en ongeregtigheid gehaat” (Hebreërs 1:9). Hy het deur die Psalmis gesê: “Ek het lus, o my God, om u welbehae te doen, en u wet is binne-in my ingewande [my hart].” (Psalm 40:9). Dit was Christus se ervaring van moederskoot af. Hy was “wedergebore” vanaf die begin van sy lewe as mens. Tog het Christus teenoor al die mense verklaar: “Julle moet weer gebore word” (Johannes 3:7).

Sommige mag sê dat Christus 'n voordeel bo ons gehad het as Hy van die begin af geregtigheid van nature liefgehad het, terwyl alle mense gebore word

met 'n geneigdheid tot sonde. Dit is waar, dit is 'n groot voordeel bo die onbekeerlike sondaar, maar Christus gee hierdie voordeel aan almal wat Hom in hul harte aanvaar. Liefde vir geregtigheid en haat vir ongeregtigheid is nie inherent aan die gevalle mens nie. Dit is iets wat in ons ingeprent moet word wanneer ons wedergebore word. God belowe om ons 'n nuwe hart te gee wat ons laat wandel in Sy weë (Esegiël 36:26, 27). Dit is waaroor die nuwe verbond gaan! God het belowe: “Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees.” (Jeremia 31:33, ook aangehaal in Hebreërs 10:16).

Die Bybel sê: “En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader!” (Galasiërs 4:6). Ek is bly dat Jesus iets beters het, anders kon Hy ons niks meer bied as wat ons reeds het nie. Ek weet uit ondervinding dat ek iets beters nodig het, en dat daar iets beters in Christus is. Dit is my gebed dat julle die seën van “Christus in julle, die hoop van die heerlikheid” (Kolossense 1:27, sien KJV) sal ervaar.

## *Slotwoord*

Jesus het gesê: “Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (Johannes 3:16). Hierdie groot gawe van God demonstreer Sy liefde vir ons meer as enigiets anders in die heelal. Om die waarde van hierdie gawe te verstaan, is wat ons in staat stel om God met ons hele hart lief te hê, wat van nature sal lei tot ’n veranderde lewe.

Die drie-eenheidsleer is ontwikkel met die uitsluitlike doel om God se liefde te verberg. Dit verberg nie net die feit dat Jesus Christus die letterlike Seun van God is, verwek deur die Vader voordat enigiets geskep is nie, maar dit bedek ook die werklikheid van Christus se offer vir ons. Dit beweer dat Jesus Christus alwetend, onsterflik en almagtig was terwyl Hy hier op aarde was, wat enige moontlikheid heeltemal uitskakel dat Hy verskrik of ontsteld sou wees terwyl Hy op aarde was. Dink daaraan. As jy onsterflik en almagtig was, sou daar enigiets wees wat jou kon afskrik of jou bekommerd kon maak oor jou welstand? Beslis nie! Jy kan sekerlik sien hoe gevaarlik so 'n idee is wanneer dit op Christus toegepas word. Alles wat ons van Sy interne stryd en emosionele angs gesien het, kon onmoontlik werklik gewees het as Hy onsterflik en almagtig was terwyl Hy hier was. Maar die Bybel sê dat Hy in ‘n “sware stryd” was; Sy siel was “diep bedroef tot die dood toe”, en “sy sweet het geword soos bloeddruppels”, dat Hy groot spanning beleef het. Dit alles

het plaasgevind voordat 'n soldaat 'n hand op Hom gelê het. Die swaar stryd wat Christus vir ons gely het, was werklik. Die drie-eenheidsleer wil ons laat glo dat dit alles onwaar was, dat Hy hierdie tonele slegs voorgedoen het.

My vriende, Jesus Christus het waarlik gely en gesterf vir ons sondes. Mag God elke hindernis verwyder wat ons sou verhinder om te "kyk watter liefde die Vader aan ons bewys het" (1 Johannes 3:1).

Christus het volkome op Sy Vader vertrou vir hulp in elke situasie. Hy het Sy ewige lewe in die hande van Sy Vader oorgegee. Dit het Hy gedoen, wetende dat Hy enige oomblik Sy Vader kon aanroep om Hom van Sy stryd te red, met die gevolg dat ons almal, as opstandige sondaars, vir ewig vergaan. (Sien Matthéüs 26:53.)

Dit is hoeveel Hy jou en my liefhet. Toe Christus aan die kruis gesterf het, het Hy alles gegee wat Hy gehad het om te gee. Hy het Sy hele wese as 'n offer vir sonde oorgegee. Sy siel is 'n offer vir sonde gemaak sodat ons kon lewe.

My vriend, as jy nog nie jou lewe aan Christus gegee het nie, as jy nog nie die wonderlike vreugde gesmaak het om te weet dat jou sondes vergewe is en jy in vrede met God is nie, nooi ek jou uit om dit nou te doen, voordat dit vir ewig te laat is. "Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van heil [redding]." (2 Korintiërs 6:2) "Smaak en sien dat die HERE goed is; welgeluksalig is die man wat by Hom skuil!" (Psalm 34:9)

Johannes17:3 En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.

Gedruk deur Maranatha Media

maranathamedia.co.za/af

www.vadervanliefde.com

Vir meer inligting, ook vir gratis Bybelstudies
hieroor en ander onderwerpe, kontak assseblief:

***Present Truth Ministries***

PO Box 315

Kansas, Oklahoma 74347

U. S. A.

Tel.no: 304-633-5411

Internet: www.presenttruth.info

E-pos: books@presenttruth.info